

DIE BEVOLKINGSKOMPONENT

6.1 INLEIDING

Die bevolking van die Vaaldriehoek is saamgestel uit Blankes, Swartes, Asiërs en Kleurlinge. Hierdie bevolkingsgroepe is woonagtig in afsonderlike woongebiede soos in Figuur 5.6 aange-
toon word. Bepaalde groeperings van die bevolkingsgroepe word in die munisipale gebiede van Vereeniging, Meyerton, Vanderbijlpark en Sasolburg aangetref, terwyl Sebokeng slegs 'n swart bevolking het.

6.2 DIE BEVOLKINGSGETALLE EN ETNIESE SAMESTELLING

"Ongeveer dieselfde bevolkingsgrootte" (vir die individuele stedelike sentrums) en *"verskeie stede in dieselfde bevolkingsgrootte-groep"* is eienskappe van die verspreide stad wat onderskeidelik deur Ginsburg (in Hayes, 1976) en Burton (1963) voorgestel is. In die model vir die verspreide stad wat vir hierdie studie aanvaar is, word bogenoemde maatstawwe van Ginsburg en Burton slegs as aanbevelings aanvaar vir die bestaan van 'n verspreide stad, maar nie as vereistes nie.

In Tabel 6.1 word die getalle en etniese samestelling van die bevolking van die dorpe van die Vaaldriehoek, soos tydens die 1980 Sensus, aangetoon (Suid-Afrika, Republiek, 1982).

DORP	BLANKES	INWONENDE SWARTES	KLEURLINGE	ASIËRS	SWARTES	TOTAAL
Vereeniging	43 420	10 280	2 760	4 220	50 640	111 320
Meyerton	10 600	1 940	20	40	0	12 600
Vanderbijlpark	53 840	6 900	260	240	27 220	88 460
Sasolburg	23 880	2 060	80	0	20 020	46 040
Sebokeng	0	0	0	0	222 520	222 520
TOTAAL	131 740	21 180	3 120	4 500	320 400	480 940

TABEL 6.1. STEDELIKE BEVOLKING VAN DIE VAALDRIEHOEK - 1980
(SUID-AFRIKA, REPUBLIEK, 1982).

Van Tabel 6.1 kan die volgende afgelei word:

1. Die gesamentlike bevolking van die Vaaldriehoek, naamlik 480 940, stem baie ooreen met die gesamentlike bevolking van 405 943 van die ses stedelike sentrums wat Hayes vir die moontlike bestaan van 'n verspreide stad ondersoek het (vgl. Hoofstuk 4 en Hayes, 1976, p. 7).
2. Uit Tabel 6.1 blyk dit dat daar geen dominante dorp (wat bevolkingsgetalle betref) met 'n bevolking van twee maal soveel as sy naaste mededinger is nie. Vereeniging en Vanderbijlpark val in dieselfde bevolkingsgrootte-groep wat hul Blanke sowel as hul totale bevolkings betref. Sasolburg se bevolking is ongeveer die helfte so groot as dié van Vanderbijlpark. Meyerton se bevolking is minder as die helfte van Sasolburg se bevolking.
3. Swartes verteenwoordig die grootste etniese groep in die Vaaldriehoek - die streekwoongebied vir Swartes, naamlik Sebokeng, lewer hier die vernaamste bydrae.
4. Vanderbijlpark het die grootste Blanke bevolking.
5. Die Kleurling- en Indiërbevolkings se getalle is baie beperk. Daar is 'n konsentrasie van hierdie etniese groepe in Vereeniging.

6.3 BEVOLKINGSGROEI

Bevolkingsgroei is relevant vir hierdie studie omdat dit 'n aantal implikasies inhou vir die Vaaldriehoek as moontlike verspreide stad.

Eerstens hou dit die moontlikheid in van toenemende wisselwerking tussen die dorpe as gevolg van die groter bevolkingsgetalle - waardeur die eenheid tussen die dorpe verder versterk sal word.

Tweedens sal dit veroorsaak dat die oop ruimtes tussen die dorpe toenemend ingevul word - veral deur nuwe residensiële gebiede.

Hierdie verskynsel kan aanleiding gee tot toenemende wisselwerking as gevolg van die toenemende kleiner afstande tussen die dorpe. Dit kan egter in die toekoms ook ander implikasies inhou vir die verspreide stad. Hayes (1976, p. 87) wys byvoorbeeld daarop dat wanneer die proses van "*invulling*" voltooi is, die karakter van die verspreide stad moontlik heeltemal sal verdwyn.

Tabel 6.2 is 'n uiteensetting van die bevolkingsgroei van die dorpe van die Vaaldriehoek van 1904 tot 1980. Die getalle van die verskillende etniese groepe waaruit die bevolking van elke dorp bestaan, word afsonderlik aangetoon asook die totale bevolking van elke dorp. Die groeikoers (bereken volgens die samegestelde rentekoersformule) word ook vir elke sensusperiode aangetoon. Die formule is soos volg:

$$P_n = P_o (1 + r)^n$$

In die toepassing van die formule is daar gebruik gemaak van dieselfde vergelyking net in 'n logaritmiese vorm:

$$\text{Log } (1 + r) = \frac{\text{Log } P_n - \text{Log } P_o}{n}$$


waar: $r = \frac{\text{groeikoers}}{100}$

P_n = die eindbevolking


P_o = die beginbevolking

n = die aantal jare


Die bevolkingsgroei word verder geïllustreer deur Figuur 6.1 (a, b, c, d, e en f). Die groei van die totale bevolking en die verskillende etniese groepe van elke dorp word afsonderlik en met verskillende krommes aangedui om vergelyking te vergemaklik. As gevolg van die groot verskille in die getalle wat uitgebeeld word, word daar gebruik gemaak van semi-logaritmiese grafieke. 'n Projeksie van die bevolking tot die jaar 2 000 word ook op die grafieke aangedui.




FIGUUR 6.1.a : Bevolkingsgroei van Vereeniging 1904 - 2000 (Suid-Afrika, Republiek, 1976b; Suid-Afrika, Republiek, 1982; Bevolkingsprojeksie).




FIGUUR 6.1.b : Bevolkingsgroei van Meyerton : 1921 - 2000 (Suid-Afrika, Republiek, 1976b; Suid-Afrika, Republiek, 1982; Bevolkingsprojeksie).




FIGUUR 6.1.c : Bevolkingsgroei van Vanderbijlpark 1946 - 2000 (Suid-Afrika, Republiek, 1976b; Suid-Afrika, Republiek, 1982; Bevolkingsprojeksie).



FIGUUR 6.1.d : Bevolkingsgroei van Sasolburg 1960 - 2000 (Suid-Afrika, Republiek, 1976b; Suid-Afrika, Republiek, 1982; Bevolkingsprojeksie).



FIGUUR 6.1.e : Bevolkingsgroei van Sebokeng 1960 - 2000 (Suid-Afrika, Republiek, 1976b; Suid-Afrika, Republiek, 1982; Bevolkingsprojeksie).



FIGUUR 6.1.f : Totale bevolkingsgroei van Vereeniging, Meyerton, Vanderbijlpark en Sasolburg 1904 - 2000 (Suid-Afrika, Republiek, 1976b; Suid-Afrika, Republiek, 1982; Bevolkingsprojeksie).

DORP	SENSUS JAAR	BLANKES			KLEURLINGE			ASIERS			SWARTES			TOTAAL		
		AANTAL	GROEI= KOERS	%	AANTAL	GROEI= KOERS	%	AANTAL	GROEI= KOERS	%	AANTAL	GROEI= KOERS	%	AANTAL	GROEI= KOERS	%
Vereeniging	1904	446			76			0			380			902		
	1911	594	4,18		191	14,07		0			1 126	16,78		1 911	11,32	
	1921	1 843	11,99		171	-1,10		177			3 242	11,16		5 433	11,01	
	1936	5 487	7,54		382	5,51		391	5,43		13 414	9,25		19 674	8,96	
	1946	11 742	7,90		500	2,73		525	2,99		27 723	7,53		40 490	7,48	
	1951	17 322	8,09		707	7,18		694	5,74		41 155	8,22		59 878	8,14	
	1960	24 564	3,96		1 024	4,20		823	1,91		52 424	2,73		78 835	3,10	
	1970	34 934	3,58		2 000	6,92		1 996	9,26		46 342	-1,23		85 272	0,79	
	1980	43 420	2,2		2 760	3,27		4 220	7,77		60 920	2,77		111 320	2,70	
Meyerton	1921	106			14			0			156			276		
	1936	112	9,37		3	-9,76		0			1 381	15,64		1 496	11,93	
	1946	225	8,56		7	8,84		0			4 563	12,70		4 825	12,42	
	1951	360	5,47		3	-15,59		16			4 933	1,57		5 312	1,94	
	1960	1 168	13,97		1	-11,49		26	5,54		7 061	4,07		8 256	5,02	
	1970	7 865	21,04		23	36,82		46	5,87		720	-20,41		8 654	0,47	
	1980	10 600	3,03		20	-1,39		40	-1,39		1 940	10,42		12 600	3,83	
	1946	604			3			0			1 513			2 120		
	1951	11 851	81,37		107	104,39		30			11 076	48,55		23 064	61,18	
Sasolburg	1960	21 916	7,07		181	5,15		86	12,41		19 232	6,32		41 415	6,72	
	1970	45 577	7,59		187	0,33		140	4,99		34 471	6,01		80 375	6,85	
	1980	53 840	1,68		260	3,35		340	5,54		34 120	-0,10		88 460	0,96	
	1960	6 777			24			0			5 089			11 890		
	1970	16 369	9,22		92	14,38		0			12 595	9,49		29 056	9,35	
Sebokeng	1980	23 880	3,85		80	-1,39		0			22 080	5,77		46 040	4,71	
	1936	0			0			0			69			69		
	1946	0			0						116	0,52		116	0,52	
	1951	0			0			0			134	2,92		134	2,92	
	1960	0			0			0			38 460	87,54		38 460	87,54	
	1970	0			0			0			87 277	8,54		87 277	8,54	
1980	0				0			0			222 520	9,81		222 520	9,81	

TABEL 6.2

DIE STEDELIKE BEVOLKING VAN DIE VAALDRIOEK 1904-1980.
(SUID-AFRIKA, REPUBLIEK 1976b; SUID-AFRIKA REPUBLIEK, 1982).

Uit Tabel 6.2 en die grafieke kan die volgende afgelei word:

1. Die gemeenskaplike invloed wat grootskaalse nywerheidsontwikkeling veral gedurende die tydperk 1951 tot 1970 op die dorpe van die Vaaldriehoek gehad het, kan duidelik bespeur word in die hoë groeikoerse wat gedurende hierdie tydperk voorgekom het.

2. Vereeniging se bevolkingsgroei strek oor 'n langer tydperk en is meer geleidelik as dié van sy buurdorpe (veral Vanderbijlpark, Sasolburg en Sebokeng). Die vermeerdering van die Blanke- en Swart bevolkings is hoofsaaklik verantwoordelik vir die sterk bevolkingstoename van die dorp. Die Kleurling- en Asiërbevolkings is aansienlik minder in getal as bogenoemde twee groepe. Die Asiërs het 'n meer geleidelike groei gehandhaaf. Die Kleurlingbevolking toon 'n vinnige toename van 1970 tot 1980. Laasgenoemde verskynsel is hoofsaaklik die gevolg van groter indiensneming van Kleurlinge in die nywerhede en die verhuising van Kleurlinge van ander dorpe in die Vaaldriehoek na Vereeniging (mededeling, Gertenbach, 1980).

3. Blankes en Swartes was die vernaamste komponente van Meyerton se bevolking tot 1960 - waarna die Swart bevolking oorgeplaas is na Sebokeng. 'n Klein getal Swartes het agtergebly in Samancor se kampong en die klein munisipale kampong (mededeling, Beukes, 1980). Blanke bevolkingsgroei was baie gering tot ongeveer 1960, waarna die toevoeging van die dorpsgebiede Rothdene, Kliprivier, Riversdale, Meyerton Farms en die Ophirkleinhoewes verantwoordelik was vir 'n groot bevolkingstoename.

4. Vanderbijlpark is 'n jong dorp wat eers gedurende die veertigerjare van hierdie eeu ontstaan het as gevolg van die vestiging van die Yskor-fabriek. Die vestiging van Yskor het 'n ontwikkelingsproses aan die gang gesit wat verantwoordelik was vir 'n baie vinnige toename in die getalle van die Blankes en Swartes. Na 1970 het die Blanke bevolkingsgroei aansienlik afgeplat. Hierdie verskynsel moet gekoppel word aan 'n afname in die vestiging van groot nywerhede gedurende die periode 1970 tot 1980 asook 'n sterk afname in indiensneming deur Yskor en

ander groot nywerhede (mededeling, Conradie, 1980). Die afname in die Swart bevolkingsgetalle is toe te skryf aan die beleid van die Oranje-Vaal-Administrasieraad om Swartes van Boipatong en Bophelong wat nie hul eie huisvesting het nie na Sebokeng oor te plaas (Oranje-Vaal-Administrasieraad, 1980).

5. Sasolburg het ontstaan met die totstandkoming van Sasol I. Die ontwikkelingsproses wat hieruit voortgespruit het, het aanleiding gegee tot 'n sterk toename in die bevolkingsgetalle van die Blankes en Swartes tot ongeveer 1970. 'n Afname in nywerheidsindiensneming en die ontwikkeling van Secunda het aanleiding gegee tot 'n afplatting in die groeikoers van die Blankes en Swartes gedurende die periode 1970 tot 1980.

6.4 BEVOLKINGSPROJEKSIE

Vir die doeleindes van hierdie studie is dit belangrik om die tendense van toekomstige bevolkingsgroei in die gebied te bepaal. Volgens Hayes (1976) hou 'n groeiende bevolking die moontlikhede in van 'n toenemende wisselwerking tussen die stedelike komponente van die verspreide stad. Hy wys egter daarop dat dit ookstrukturele implikasies kan inhou en selfs daartoe aanleiding kan gee dat die verspreide stadstruktuur heeltemal kan verdwyn. In die lig hiervan is 'n projeksie van toekomstige bevolkingsgetalle vir die studiegebied noodsaaklik.

Vir 'n projeksie van die bevolkings van die dorpe asook die Vaal-driehoek as geheel vir die jaar 2 000, is daar gebruik gemaak van die samegestelde rentekoersformule in sy nie-logaritmiese vorm.

Soos reeds in Tabel 6.2 gesien kan word, het die verskillende dorpe asook die verskillende etniese groepe groot verskille, maar ook 'n aantal ooreenstemmende tendense in hul groeikoerse geopenbaar. Vir die bepaling van 'n aanvaarbare groeikoers vir die projeksie van die bevolkings vir die jaar 2 000, moet hierdie verskille asook die ooreenstemmende eienskappe deeglik in aanmerking geneem word.

Vereeniging het deurgaans 'n meer geleidelike groeikoers gehandhaaf as sy buurdorpe. Ten spyte van 'n geringe afplattung in sy groeikoers gedurende die periode van 1970 tot 1980 was Vereeniging se werklike bevolkingstoename gedurende hierdie tydperk egter feitlik identies aan die voorafgaande tydperk (1960 tot 1970). Die groeikoers van 2,2 persent, soos vir die periode van 1970 tot 1980, behoort dus 'n redelik getroue weergawe te gee van Vereeniging se Blanke bevolkingstoename tot aan die einde van die eeu.

Die nywerheidsfunksie in Vanderbijlpark het sedert die dorp se ontstaan sy stempel afgedruk op die bevolkingsgroei. Die groot-skaalse Blanke bevolkingsgroei van die dorp se ontstaan tot ongeveer 1970 was 'n direkte uitvloeisel van die werkgeleenthede wat die nywerhede - en veral Yskor - geskep het. Die skerp afplattung in bevolkingsgroei tydens die periode 1970 tot 1980 was dus na alle waarskynlikheid die gevolg van die afname in nywerheidsvestiging, die meer beperkte indiensneming deur nywerhede wat hul optimum werkerstal bereik het of as gevolg van die huidige ekonomiese toestand (mededeling, Squirra, 1982). Die meer geleidelike groei soos vir die tydperk 1970 tot 1980 word dus as realisties vir Vanderbijlpark se Blanke bevolkingstoename tot die jaar 2 000 beskou.

Die hoë groeikoers van Meyerton se Blanke bevolking gedurende die tydperk 1960 tot 1980 was die gevolg van die inlywing van die dorpsgebiede Rothdene, Kliprivier asook die kleinhoewegebied Riversdale, Meyerton Farms en Ophir by Meyerton se munisipale gebied, en die snelle nywerheidsontwikkeling. Verdere inlywing word nie oorweeg nie omdat Meyerton oor 'n voldoende reserwe residensiële en nywerheidsgrond beskik om in sy voorsienbare mediumtermynbehoefte te voorsien (Kantoor van die Eerste Minister, 1980, p. 65 en p. 69). Die groeikoers na 1980 behoort dus aansienlik af te plat, maar sal na verwagting nog relatief hoog wees gesien teen die agtergrond van Meyerton se gunstige ligging aan die rand van die Vaaldriehoek, die dorp se nywerheidspotensiaal en sy groot reserwe van residensiële grond. Die samegestelde groeikoers van 2,91 persent, soos voorgestel deur die gidsplan, kan dus as realisties vir Meyerton se Blanke bevolkingsgroei tot die jaar 2 000 beskou word.

Die groeikoers van Sasolburg vir die periode van 1970 tot 1980 toon groot ooreenstemming met die groeikoers vir hierdie dorp soos aanvaar deur die gidsplan vir die Vaalrivierkompleks (Kantoor van die Eerste Minister, 1980, p. 71). Die gidsplan se groeikoers vir die periode 1970 tot 1980 word dus as realisties beskou vir Sasolburg.

In Tabel 6.3 word 'n vergelyking getref tussen die groeikoerse wat vir hierdie projeksie gebruik word en die groeikoerse soos gebruik deur die gidsplan.

6.4.2 DIE KLEURLINGBEVOLKING

Soos in Tabel 6.2 gesien kan word, het die groeikoers van die Kleurlingbevolking van Vereeniging (Rust-ter-Vaal) gedurende die periode 1970 tot 1980 afgeplat. Die groeikoers vir hierdie periode word as realisties beskou vir 'n projeksie vir die Kleurlingbevolking, veral gesien in die lig van die totstandkoming van die nuwe Kleurlingdorp Ennerdale ten noorde van Vereeniging en die voorkeur wat deur hierdie bevolkingsgroep aan die Witwatersrand as vestigingsgebied gegee word (Vereeniging-Munisipaliteit 1980; Kantoor van die Eerste Minister, 1980, p. 68). Laasgenoemde twee verskynsels sal na alle waarskynlikheid in die nabye toekoms voortgaan om die getalle van die Kleurlingbevolking van Vereeniging te beperk. Die groeikoers van die Kleurlinge van Vereeniging vir die tydperk 1970 tot 1980 verskil slegs met 0,53 persent van die groeikoers soos gebruik deur die gidsplan (vgl. Tabel. 6.3).

Vanderbijlpark se Kleurlingbevolking toon 'n hoë groeikoers vir die tydperk 1970 tot 1980 - hoewel hul getalle nog gering is. Die Kleurlingbevolking van die dorp word tans gehuisves in die Swart woongebiede aangesien daar geen woongebied vir Kleurlinge in Vanderbijlpark bestaan nie. Dit word voorsien dat die groeikoers vir die Kleurlinge in die toekoms aansienlik sal afplat as gevolg van 'n gebrek aan huisvesting en dieselfde beïnvloedende faktore soos in die geval van Vereeniging. 'n Groeikoers in ooreenstemming met dié vir die periode 1970 tot 1980 word dus as realisties vir Vanderbijlpark se Kleurlingbevolking beskou.

Die nabyheid van die Kleurlingwoongebied Rust-ter-Vaal, die gebrek aan 'n eie Kleurlingwoongebied en dieselfde beïnvloedende faktore soos in die geval van Vereeniging sal na verwagting die getalle van Meyerton se Kleurlingbevolking beperk. Daar word dus verag dat die negatiewe groeikoers van die periode 1970 tot 1980 sal voortduur.

Sasolburg het deurgaans 'n klein Kleurlingbevolking gehad. Gedurende die periode 1970 tot 1980 het die Kleurlingbevolking ook afgeneem. 'n Verdere afname in die Kleurlingbevolking word voorsien as gevolg van die neiging van Kleurlinge in die Vaal-driehoek om hulle in Rust-ter-Vaal te vestig. Die negatiewe groeikoers vir die periode 1970 tot 1980 word dus as realisties vir Sasolburg se Kleurlingbevolking beskou.

6.4.3 DIE ASIËRBEVOLKING.

Die Asiërbevolking van die Vaaldriehoek is hoofsaaklik woonagtig in Roshnee, met kleiner getalle in Vanderbijlpark en Meyerton. Aangesien Roshnee beskou word as die streekwoongebied vir Asiërs van die Vaaldriehoek word dit voorsien dat die woongebied 'n redelike hoë groeikoers in die toekoms sal handhaaf. Roshnee se bevolking sal in die nabye toekoms ook aangevul word deur die Indiërs van Vanderbijlpark. Die rede hiervoor is dat die Indiërbevolking van laasgenoemde dorp, wat tans woonagtig is op die plaasgedeeltes Zuurfontein en Vyffontein, kennis gekry het om na Roshnee te verhuis (mededeling, Squirra, 1980). Meyerton het op die huidige geen voorneme om hul Asiërbevolking in Roshnee te hervestig nie. Of dit wel in die toekoms gedoen sal word, hang af van Regeringsbeleid (mededeling, Beukes 1981).

In die lig van bogenoemde word die groeikoers soos voorgestel deur die gidsplan as realisties beskou vir die Asiërbevolkings van Vereeniging. Na verwagting sal Meyerton se Asiërbevolking mettertyd in die nabygeleë Roshnee vestig. Die negatiewe groeikoers vir die periode 1970 tot 1980 word dus as realisties vir Meyerton se Asiërbevolking aanvaar.

6.4.4

DIE SWART BEVOLKING

In die lig van die feit dat die grondgebied van Sharpeville vir alle beplanningsdoeleindes reeds ten volle ontwikkel is en dat alle toekomstige ontwikkeling vir stedelike Swartes in die Vaaldriehoek op Sebokeng toegespits sal wees, word geen noemenswaardige bevolkingstoename vir Sharpeville in die toekoms voorsien nie. Die bevolkingsgetalle soos vir 1980 word dus ook vir 2 000 aanvaar. Soos in Tabel 6.3 gesien kan word, het die gidsplan selfs 'n afname in die bevolking van Sharpeville vir die jaar 2 000 voorsien.

Meyerton het nie 'n Swart woongebied nie en die Swart bevolking van die dorp bestaan uit werkers van Samancor en die munisipaliteit wat in kampongs gehuisves word. Nieteenstaande hierdie feit het die Swart bevolking gedurende die periode 1970 tot 1980 'n hoë groeikoers getoon. As gevolg van die feit dat daar nie 'n eie Swart woongebied vir Meyerton beoog word nie, word gevoel dat die laer groeikoers soos deur die gidsplan geprojekteer, meer realisties vir Meyerton se Swart bevolking sal wees.

Aangesien die Swart woongebied Bophelong in die ontwikkelingsgebied van Vanderbijlpark geleë is, bestaan daar 'n ooreenkoms tussen die Oranje-Vaal-Administrasieraad en die stadsraad van Vanderbijlpark dat die inwoners van Bophelong mettertyd in Sebokeng hervestig sal word (Oranje-Vaal-Administrasieraad, 1981). Dit is nie seker wanneer hierdie verskuiwing sal realiseer nie weens die groot agterstand in die voorsiening van huise en die feit dat 1 400 bruikbare huise in Bophelong gesloop sal moet word. As gevolg van die beoogde verskuiwing van Bophelong en die feit dat Boipatong (Vanderbijlpark se ander Swart woongebied) reeds ten volle ontwikkel is en geen verdere uitbreiding aldaar beoog word nie, word dit aanvaar dat Vanderbijlpark se Swart bevolking tot die jaar 2 000 'n negatiewe groeikoers sal ondervind. 'n Negatiewe groeikoers van -0,10 persent word aanvaar (soos vir die periode 1970 tot 1980).

Omdat daar meer enkellopende werkers van die Swart State in Zamdela (Sasolburg se Swart woongebied) gehuisves word as werkers binne gesinsverband, en getalle slegs vermeerder word op aanvraag van die nywerhede, kan dit aanvaar word dat Zamdela 'n geleideliker groei tot aan die einde van die eeu sal ondervind. Die groeikoers van 2,15 persent soos aanvaar deur die gidsplan vir Zamdela, word dus as 'n realistiese syfer aanvaar.

Sebokeng, wat dien as streekwoongebied vir Vereeniging, Meyer-ton en Vanderbijlpark, as hervestigingsplek vir die bevolking van Bophelong en as vestigingsplek vir die aanwas van Sharpeville en Boipatong (wat reeds ten volle beset is), sal voortgaan om in die toekoms 'n hoë groeikoers te handhaaf. Die groeikoers vir die periode 1970 tot 1980 het die verwagte groeikoers volgens die gidsplan reeds met 3,86 persent oortref. 'n Groeikoers wat in lyn is met dié van die periode 1960 tot 1970 word dus as realisties vir Sebokeng vir die tydperk 1980 tot 2 000 beskou.

Tabel 6.3 is 'n vergelyking tussen die groeikoerse soos aanvaar vir hierdie studie en dié van die gidsplan. Die geprojekteerde bevolkings vir die jaar 2 000 word in albei gevalle aangetoon. Die groeikoers van die bevolking vir hierdie studie is bereken vir 'n tydperk van 20 jaar (1980 tot 2 000) en dié van die gidsplan vir 'n tydperk van 30 jaar (1970 tot 2 000).

DORP	GROEI	BLANKES	KLEURLINGE	ASIËRS	SWARTES	TOTAAL
Vereeniging	Aanvaarde groeikoers	2,2%	3,27%	4,82%	0	1,30
	Bevolking in 2 000	67 096	5 252	10 817	60 920	144 085
	Gidsplan-groeikoers	3,36%	2,74%	4,82%	-0,33%	1,88%
	Bevolking in 2 000	94 150	4 500	8 200	42 035	148 885
Meyerton	Aanvaarde groeikoers	2,91%	-1,39%	-1,39%	3,46%	2,98
	Bevolking in 2 000	18 801	15	30	3 830	22 676
	Gidsplan-groeikoers	2,91%	0	0	3,46%	2,93%
	Bevolking in 2 000	18 600	0	0	2 000	20 600
Vanderbijlpark	Aanvaarde groeikoers	1,68%	3,35%	0	-0,10	0,79
	Bevolking in 2 000	75 119	501	0	27 997	103 617
	Gidsplan-groeikoers	2,87%	0	0	-4,97%	1,18%
	Bevolking in 2 000	106 650	0	0	7 465	114 115
Sasolburg	Aanvaarde groeikoers	3,32%	-1,39%	0	2,15%	2,78%
	Bevolking in 2 000	45 885	61	0	33 788	79 734
	Gidsplan-groeikoers	3,32%	0	0	2,15%	2,85%
	Bevolking in 2 000	43 600	0	0	23 840	67 440
Sebokeng	Aanvaarde groeikoers	0	0	0	8,54%	8,54%
	Bevolking in 2 000	0	0	0	1 145 937	1 145 937
	Gidsplan-groeikoers	0	0	0	5,95%	5,95%
	Bevolking in 2 000	0	0	0	493 740	493 740
TOTAAL VIR 2 000		206 901	5 829	10 847	1 272 472	1 496 049
Gidsplan-projeksie		264 500	4 500	8 200	571 530	848 730

TABEL 6.3

Uit tabel 6.3 kan die volgende afgelei word met betrekking tot die studie-onderwerp:

1. Bevolkingstoename in Vereeniging sal in die toekoms hoofsaaklik van die Blankes en in 'n mindere mate van die Kleurlinge en Asiërs afhang.
2. Bevolkingstoename in Meyerton sal hoofsaaklik van die Blankes en in 'n mindere mate van die Swart bevolking afhang.
3. Bevolkingsgroei in Vanderbijlpark sal in die toekoms bepaal word deur die vermeerdering in Blanke getalle.
4. Sasolburg se bevolkingsgroei sal in die toekoms feitlik om die helfte bepaal word deur die vermeerdering in die getalle van die Blanke- en Swart bevolkings.
5. Sebokeng se bevolkingsgetalle sal teen die einde van die eeu dié van die ander plekke ver oorskry.
6. Wat hul totale bevolkings sowel as hul Blanke bevolkingsgetalle betref sal Vereeniging en Vanderbijlpark nog steeds in dieselfde bevolkingsgrootte-groep val. Sasolburg en Meyerton sal dieselfde posisies inneem as in 1980.

6.5 VERSPREIDING VAN DIE BEVOLKING

In die literatuur wat daaroor handel, word die verspreide stad beskryf as bestaande uit 'n aantal nabygeleë, maar aparte stedelike sentrums wat deur areas van nie-stedelike grondgebruik van mekaar geskei word. Die verspreiding van die bevolking moet dus ook sodanig wees dat daar duidelike aparte konsentrasies onderskei kan word. Hayes (1976, p. 87) het byvoorbeeld met verwysing na sy eie studiegebied die volgende oor hierdie aspek gesê: *"Once the interstitial non-urban spaces of the Piedmont urban complex fill, of course, much of the present structure of the area will be changed, and its character as a 'dispersed city' will have been transformed and perhaps lost forever."*

133.
Die omvang van die bevolkingsinvulling van die gebiede tussen die dorpe is deur middel van twee reekse kaarte ondersoek, naamlik:

1. 'n Kaart wat die verspreiding van die residensiële gebiede in 1970, 1980 en die verwagte residensiële gebiede teen die einde van die eeu aantoon.

2. Kaarte wat die verspreiding van die bevolking in 1970 en 1980 deur middel van proporsionele sirkelsimbole aantoon.

6.5.1 DIE VERSPREIDING VAN DIE RESIDENSIËLE GEBIEDE IN 1970, 1980 EN 2 000

Soos in Figuur 6.2 gesien kan word, het die residensiële gebiede in 1970 nog duidelik waarneembare konsentrasies rondom die sentrale dorpsgebiede van die verskillende dorpe getoon - met oop ruimtes tussen die dorpe. Slegs Vereeniging toon 'n mate van uitbreiding in die rigting van Vanderbijlpark en Sebokeng.


Gedurende die periode 1970 tot 1980 het 'n aantal nuwe woongebiede in die oop ruimtes tussen die dorpe ontstaan.

In die gebied tussen Vereeniging en Vanderbijlpark - binne Vereeniging se munisipale gebied - het die volgende woongebiede ontwikkel:

1. Bedworthpark met 877 woonerwe, ten suide van die nasionale deurpad tussen Vereeniging en Vanderbijlpark.

2. Dickinsonville met 454 woonerwe, tussen Vereeniging en Boipatong.

3. Falcon Ridge met 544 woonerwe, tussen Vereeniging en Sebokeng. Hierdie woongebied is in 1980 geproklameer en aan die einde van dié jaar was slegs 36 erwe bebou (Vereeniging-Munisipaliteit, 1980).



FIGUUR 6.2. RESIDENSIELE UITBREIDING IN DIE VAALDRIEHOEK 1970 - 2000

Aan Vanderbijlpark se kant van die grens - en ook teenaan die grens - het die volgende woongebiede sedert 1970 tot stand gekom:

1. S.E. 3 met 658 woonerwe
2. S.E. 6 met 891 woonerwe
3. S.E. 7 met 748 woonerwe
4. C.E. 3 met 527 woonerwe
5. C.E. 4 met 406 woonerwe
6. C.E. 5 met 310 woonerwe (Vanderbijlpark-Munisipaliteit, 1981).

Ten spyte van hierdie nuwe woongebiede kan dit op Figuur 6.2 waargeneem word dat Vereeniging en Vanderbijlpark nog deur groot oop ruimtes geskei word in 1980. Hierdie gebied toon nogtans die grootste mate van residensiële invulling in die Vaaldriehoek.

Tussen Vereeniging en Sebokeng was daar nog 'n groot oop gebied in 1980.

Ten noorde van Vereeniging, in die rigting van Meyerton, het Arconpark Uitbreiding 3 met 373 woonerwe na 1970 tot stand gekom. In 1980 was daar nog 'n groot oop gebied tussen Vereeniging en Meyerton, met die uitsondering van Roshnee en Rust-ter-Vaal wat ten weste van Meyerton geleë is. Die gebiede in hierdie omgewing wat deur die gidsplan vir residensiële ontwikkeling afgebaken is (soos aangetoon op Figuur 6.2), beslaan nie die hele gebied tussen Vereeniging en Meyerton nie.

Soos op Figuur 6.2 gesien kan word, was Meyerton en Sebokeng in 1980 deur 'n groot oop gebied geskei en sal dit na aanleiding van die riglyne soos neergelê deur die gidsplan vir die Vaalrivierkompleks (Kantoor van die Eerste Minister, 1980, p. 109) in die jaar 2 000 ook gedeeltelik so wees (vgl. ook Figuur 5.7).

In 1980 was Vanderbijlpark en Sebokeng geskei deur die onbenutte noordelike gedeelte van die plaas Vanderbijlpark 550 I.Q., waarop die Yskor-fabriek geleë is, asook gedeeltes van die plaas Quaggasfontein/Lapdoorns 548 I.Q. wat ten noorde van eersgenoemde plaas geleë is. Laasgenoemde plaasgedeelte is vir nywerheidsdoeleindes deur die gidsplan bepaal (Kantoor van die Eerste Minister, 1980, p. 112).


As gevolg van verskeie fisiese beperkings, soos in Hoofstuk 5 aangedui, is Sasolburg se natuurlike uitbreidingsrigting na die noorde (na die Vaalrivier). In 1970 was hierdie gebied tussen Sasolburg en Vanderbijlpark nog onbenut. Met die totstandkoming van Vaalpark (682 woonerwe) en Roodia (397 woonerwe) na 1970, het die invulling van hierdie gebied begin. In 1980 was Vaalpark en Roodia egter nog deur 'n groot oop gebied van die res van Sasolburg geskei - sodat daar in werklikheid nog 'n groot onbenutte gebied tussen Vanderbijlpark en die Sasolburg-dorpsgebied bestaan het.

Die gidsplan maak voorsiening vir die uitbreiding van Sasolburg se residensiële gebiede in 'n noordelike rigting op gedeeltes van die plase Abrahamsrust 329, Welgelegen 181, Grootfontein 328, Vaalpark 402 en Lauterwater 77 (Kantoor van die Eerste Minister, 1980, p. 112 en p. 115).

6.5.2 VERSPREIDING VAN DIE BEVOLKING IN 1970 EN 1980 DEUR MIDDEL VAN PROPORSIONELE SIRKELSIMBOLE


'n Kaart wat die voorkoms van residensiële gebiede aantoon, kan slegs 'n aanduiding gee van die stedelike gebiede waar daar mense woonagtig is sonder om die werklike bevolkingsverspreiding aan te dui. 'n Kaart wat die absolute bevolkingsgetalle van die verskillende woongebiede aandui, is hiervoor nodig. Figuur 6.3 en Figuur 6.4 toon onderskeidelik die bevolkingsverspreiding van die Vaaldriehoek vir 1970 en 1980. Die bevolkingsgrootte van die verskillende woongebiede word deur middel van proporsionele sirkelsimbole en stippels uitgebeeld. Die mate van invulling wat daar tussen die opeenvolgende sensusjare (1970 en 1980) plaasgevind het, kan dus waargeneem word op die kaarte. Figuur 6.3 (1970) is gebaseer op sensusgegewens vir 1970 (Suid-Afrika, Republiek, 1976c, pp.6-9), terwyl Figuur 6.5 (1980) gebaseer is op inligting wat van die betrokke munisipaliteite verkry is.

Van Figure 6.3 en 6.4 kan daar afgelei word dat daar wel 'n "proses van invulling" gedurende die periode 1970 tot 1980 tussen Vereeniging en Vanderbijlpark, Vereeniging en Sebokeng, Vereeniging



FIGUUR 6.3. VERSPREIDING VAN DIE BEVOLKING - 1970.

BRON : Suid - Afrika, Republiek, 1976a, pp. 7 - 9.



FIGUUR 6.4. VERSPREIDING VAN DIE BEVOLKING - 1980.

BRON : Munisipaliteite van Vereeniging, Meyerton, Vanderbijlpark en Sasolburg en Oranje-Vaal-Administrasieraad - 1980.

en Meyerton en tussen Vanderbijlpark en Sasolburg plaasgevind het. Dit het die vorm aangeneem van 'n toename in die bevolking van die tussengeleë woongebiede asook 'n aantal nuwe woongebiede wat tot stand gekom het. Dit is egter duidelik dat die tussengeleë gebiede in 1980 nog nie naastenby die bevolkingskonsentrasies van die woongebiede wat rondom die sentrale dorpsgebiede van die dorpe voorkom, kan ewenaar nie. Die verspreide ligging van Vereeniging se woongebiede, veral na die weste en noordweste, veroorsaak dat die proses van "invulling" die verste ontwikkel is tussen Vereeniging en Vanderbijlpark.

6.6 RUIMTELIKE BEHOEFTE VAN DIE BEVOLKING VAN DIE VAALDRIEHOEK VIR 2 000

Die totale oppervlakte wat vir die verskillende grondgebruike benut word, gedeel deur die bevolking vir 1980, gee die oppervlakte wat per kop benodig word vir elke grondgebruik. Met behulp van die bevolkingsprojeksies vir die jaar 2 000 kan bereken word watter bykomende oppervlakte teen die einde van die eeu nodig sal wees vir elke grondgebruik. As finale stap kan bereken word hoeveel van die tussenliggende nie-stedelike gebied in die jaar 2 000 verstedelik sal wees - en of daar nog sprake van 'n verspreide stad sal wees.

Die bykomende oppervlakte wat benodig sal word vir elke grondgebruik in die jaar 2 000 kan bereken word deur die verskil in die bevolkingsgetalle vir 2 000 en 1980 te vermenigvuldig met die oppervlakte per kop soos bereken vir 1980.

Soos in Hoofstuk 5 aangetoon is, is dit hoofsaaklik die uitbreiding van die Blanke dorpsgebiede wat 'n bydrae sal lewer tot die invulling van die tussenliggende gebied. Die meerderheid grondgebruike wat in die munisipale gebied van Vereeniging, Meyerton, Vanderbijlpark en Sasolburg geleë is, voorsien in Blanke behoeftes. By die berekening van die behoeftes vir die jaar 2 000 is daar dus slegs van Blanke bevolkingsgetalle gebruik gemaak.

Nywerheid en Handel is egter twee grondgebruike waarby alle bevolkingsgroepe betrek word - by eersgenoemde as werkers en by laasgenoemde veral as kopers. By die berekening van die bykomende oppervlaktes van bogenoemde grondgebruike wat teen die jaar 2 000 benodig sal word, is alle bevolkingsgroepe dus in berekening gebring.

Vir die berekening van die nywerheidsoppervlakte wat benodig sal word teen die jaar 2 000 is daar gedeeltelik afgewyk van die metode wat vir die ander grondgebruike gebruik is. Die rede hiervoor is dat dit 'n funksie is wat die Swart bevolking op 'n baie intensiewe wyse betrek. Die Swart woongebiede het egter uiters beperkte nywerheidsfunksies. Die geprojekteerde nywerheidsoppervlakte vir die einde van die eeu moet dus slegs onder die Blanke dorpsgebiede verdeel word ten spyte daarvan dat die Swart bevolking betrek is by die berekening van die behoefte. Die verhoudings van die nywerheidsgebiede van die dorpe in 1980 is as maatstaf gebruik vir die verdeling van die nywerheidsbehoeftes vir 2 000. Die nywerheidsoppervlakte vir 1980, wat as basis gebruik is vir die berekening, is gewysig na 4 027,62 hektaar aangesien dit in aanmerking geneem is dat slegs 565 hektaar van Yskor se terrein van 3 500 hektaar in 1980 bebou was. Die verlaagde syfer is dus 'n meer korrekte weergawe van nywerheidsgrondgebruike in 1980.

Vir die berekening van die behoefte vir handelsoppervlaktes in die Blanke dorpsgebiede is hul totale bevolkings gedurende 1980 en 2 000 in berekening gebring omdat dit 'n funksie is wat deur al die bevolkingsgroepe benut word. Die omvang van die handelsoppervlaktes is dus in 'n groot mate die resultaat van 'n groter bevolking wat bedien word.

Die uitbreiding van Roshnee en Rust-ter-Vaal, wat tussen Ver= eeniging en Meyerton geleë is, sal ook 'n bydrae lewer tot die invulling van die gebied tussen die dorpe. Die toekomstige uitbreiding van hierdie dorpe sal hoofsaaklik vir residensiële doeleindes wees. Vir die berekening van hul toekomstige residensiële behoeftes is in aanmerking geneem dat woonerwe in hierdie gebiede gemiddeld kleiner is as in Blanke woongebiede - met die

gevolg dat die bevolkingsdigthede hier hoër is. Die oppervlakte en bevolkingsgetalle van hierdie woongebiede is dus gebruik vir die berekening van hul residensiële behoeftes vir die jaar 2 000.

Uit Tabel 6.4 blyk dit dat residensiële gebiede, nywerheidsgrond en strate die grootste ruimtevereistes in die jaar 2 000 sal stel.

Dit is hoofsaaklik die toekomstige stedelike ontwikkeling in die munisipale gebied van Vereeniging wat die aard van die stadsverskynsel in die toekoms sal bepaal. Stedelike ontwikkeling in Meyerton, Vanderbijlpark en Sebokeng het reeds tot aan die grens met Vereeniging gevorder en sal dus in die toekoms 'n ander rigting inslaan. Slegs aan Vereeniging se kant van die grens is daar nog groot oop gebiede beskikbaar vir ontwikkeling.

Vereeniging se munisipale gebied beslaan 'n totale oppervlakte van 21 678 hektaar (Vereeniging-Munisipaliteit, 1980). Van hierdie oppervlakte was 5 260,1 hektaar in 1980 vir stedelike doeleindes benut. Na beraming sal 'n bykomende 2 571,86 hektaar tot aan die einde van die eeu benodig word vir stedelike doeleindes. Die stedelike gebied van Vereeniging sal dus na beraming 7 831,96 hektaar in die jaar 2 000 beslaan. Dit gee aan Vereeniging 'n verdere reserwe van 13 846,04 hektaar wat hoofsaaklik ten weste, noordweste, noorde en noordooste van die dorp geleë is. 'n Aantal bodemkundige en hidrologiese beperkings beslaan egter 'n totale oppervlakte van 2 543 hektaar - wat nie vir bebouing benut kan word nie. Die reserwe is dus in werklikheid 11 303,04 hektaar. Die reserwe bestaan hoofsaaklik uit kleinhoewegebiede en landbougrond.

In Hoofstuk 5 is aangetoon dat Sasolburg slegs in 'n noordelike rigting kan uitbrei as gevolg van mynbouaktiwiteite en steenkoolafsettings in sy omgewing. Uit Tabelle 5.2 en 6.4 blyk dit dat Sasolburg se huidige munisipale gebied nie aan die behoeftes van sy toekomstige bevolking sal kan voorsien nie. Die gidsplan maak egter voorsiening vir 'n addisionele gebied van 2 100 hektaar aan die noordekant van Sasolburg. Hierdie gebied is voldoende om aan die behoeftes van die woonkomponent en die aanverwante stedelike funksies tot die jaar 2 000 te voorsien en nog ruimte

DORPE	BEVOLKING VAN 2 000 MINUS 1980	RESIDENSIEEL			NYWERHEID			HANDEL			ONTSPANNING		
		PER KOP m ²	BEHOEFTE IN ha	PER KOP m ²	BEHOEFTE IN ha	PER KOP m ²	BEHOEFTE IN ha	PER KOP m ²	BEHOEFTE IN ha	PER KOP m ²	BEHOEFTE IN ha	PER KOP m ²	BEHOEFTE IN ha
Vereeniging	23 676	350	828,66	83,74	918,06	6,40	20,97	54,25	128,44				
Meyerton	8 201	350	287,04	83,74	996,26	6,40	6,45	54,25	44,49				
Vanderbijlpark	21 279	350	744,77	83,74	4 816,39	6,40	9,70	54,25	115,44				
Sasolburg	22 005	350	770,18	83,74	1 769,81	6,40	21,56	54,25	119,38				
TOTAAL	75 161		2 630,65		8 500,52		58,68		407,75				

Roshnee	6 597	191,16	126,11																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																																						</
---------	-------	--------	--------	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	----

TABEL 6.4

DIE RUIMTELIKE BEHOEFTE VAN VEREENIGING, MEYERTON, VANDERBIJLPARK EN SASOLBURG VIR DIE JAAR 2 000 (GEBASEER OP DIE BEVOLKINGSTALLE EN GRONDGEBRUIKOPPERVLAKTES IN 1980 EN DIE BEVOLKINGSPROJEKSIE VIR 2 000).

te laat vir latere ontwikkeling. Addisionele nywerheidsgrond sal egter gevind moet word as die behoefte daarvoor ontstaan.

Die gidsplan stel die onbenutte geproklameerde nywerheidsgrond van die Vaaldriehoek op 1 330 hektaar wat bestaan uit 305 hektaar in die munisipale gebied van Vereeniging, 289 hektaar in Meyerton, 339 hektaar in Vanderbijlpark en 397 hektaar in Sasolburg (Kantoor van die Eerste Minister, 1982, p. 69). Daar bestaan egter nog groot ruimtes vir interne uitbreiding op die Yskorterrein en ook in Sasolburg se swaarnywerheidsgebied. Slegs 565 hektaar van die Yskorterrein word deur die aanleg in beslag geneem - wat 'n verdere 2 935 hektaar vir interne uitbreiding beskikbaar stel. In Sasolburg se swaarnywerheidsgebied kan 'n verdere 300 hektaar vir interne uitbreiding gebruik word.

Die Vaaldriehoek het dus 'n reserwe van 4 565 hektaar nywerheidsgrond. Uitgesonderd bogenoemde grond wat reeds vir nywerheidsdoeleindes gesoneer is, het die gidsplan toestemming verleen vir die gebruik van 'n bykomende oppervlakte van ongeveer 1 600 hektaar aansluitend by Sasolburg se swaarnywerheidsgebied, 'n oppervlakte van 300 hektaar in Vereeniging se munisipale gebied en 'n oppervlakte van 50 hektaar in Vanderbijlpark se munisipale gebied (Kantoor van die Eerste Minister, 1982, p. 81). Die Vaaldriehoek het dus 'n totale reserwe van 6 515 hektaar nywerheidsgrond vir die jaar 2 000. Dit voldoen nie aan die behoefte soos uiteengesit in Tabel 6.5 nie. Dit is egter onseker of die toekomstige nywerheidsgroei tred sal hou met die bevolkingsgroei. Die gidsplan beskou bogenoemde as onwaarskynlik - veral as die afname in die nywerheidsgroeikoers (soos in die Ekonomiese Ontwikkelingsprogram voorsien word) in gedagte gehou word (Kantoor van die Eerste Minister, 1982, p. 69).

6.7 DIE AARD VAN DIE TUSSENGELEË LANDBOUGEBIEDE

Nou verwant aan die vorige afdelings is die bespreking van die eienskappe van die gebied wat tussen die dorpe geleë is. Die model vir die verspreide stad stel die volgende vereistes waaraan hierdie gebied moet voldoen, naamlik:

1. Die dorpe moet van mekaar geskei wees deur gebiede van nie-stedelike grondgebruik.

2. Om te kan aanspraak maak op verspreide stadstatus moet die tussengeleë gebiede nog nie in 'n groot mate ingevul wees nie.

Soos op die grondgebruikkaart (Figuur 5.6) waargeneem kan word, voldoen die Vaaldriehoek op die oog af aan die eerste kwalifikasie aangesien die dorpe deur óf kleinhoewes óf bewerkte plaasgebiede óf onbewerkte plaasgebiede van mekaar geskei word. Dit is egter noodsaaklik dat daar eers na die aard van bewoning en van die bevolking in die tussengeleë gebiede gekyk moet word voordat hierdie gebiede as nie-stedelik aanvaar kan word.

Uit Figuur 6.4 blyk dit dat die landbougebiede wat tussen die dorpe geleë is digter bewoon is as wat normaalweg van landbougebiede verwag kan word. Die rede hiervoor is die bestaan van 'n feitlik ononderbroke gordel van kleinhoewes wat veral tussen die Transvaalse dorpe van die Vaaldriehoek voorkom. Die grootste konsentrasies kom noordoos, noord en noordwes van Vereeniging en wes van Vanderbijlpark voor. In die Sasolburgdistrik is daar slegs enkele kleiner plase langs die Vaalrivier. Hierdie halfplattelandse sone van kleinhoewes vorm 'n oorgangssone tussen die gebied waarin erkende stedelike grondgebruik aangetref word en die gebied wat vir landbou gebruik word. As gevolg van hul groottes wat wissel van 2 tot ongeveer 8 hektaar is hulle verantwoordelik vir 'n redelik digte bewoning in die tussengeleë gebiede (vgl. Figuur 6.4).

Dit wil dus voorkom of die gordel van kleinhoewes wat Vereeniging se dorpsgebied omring en ten weste van Vanderbijlpark voorkom, as 'n voortsetting van die dorpsgebiede van hierdie twee dorpe beskou moet word en nie as nie-stedelike landbougebiede nie. Die mate waarin die bevolking van die landbougebiede geïntegreer is in 'n stedelike leefwyse sal egter aantoon of daar regverdiging bestaan vir bogenoemde bevinding.

Vir die beantwoording van bogenoemde vraag is die kleinhoewe-
gebiede wat tussen die dorpe geleë is asook die kleinhoewe-
gebiede ten weste van Vanderbijlpark (maar binne dié dorp se
munisipale gebiede) ondersoek. Inligting is op drie maniere
bekom, naamlik:

1. Inligting oor die name van al die kleinhoewegebiede,
hul getal kleinhoewes en die benutting van die kleinhoewes
is verkry van die munisipaliteite van Vereeniging en Vander-
bijlpark.
2. 'n Veldopname is gedoen na die aard van ontwikkeling
op die kleinhoewes in 1980.
3. 'n Ewekansige steekproef wat in die Blanke woongebiede
uitgevoer is (vgl. Bylae 2). Die inligting wat hier van belang
was, was die bewoners se ekonomiese aktiwiteite. Laasgenoemde
is vergelyk met die gegewens wat van die munisipaliteite verkry
is.

Die resultate van die ondersoek word in die onderstaande tabelle
uiteengesit.

KLEINHOEWES	AANTAL	AANTAL BEWOON	DOEL WAARVOOR BEWOONDE KLEIN- HOEWES GEBRUIK WORD		AANTAL ONBEWOON
			OORWEGEND RESIDENSIEEL	OORWEGEND LANDBOU	
Annaton	42	6	6	0	36
Dreamlands	174	12	12	0	162
Ebenhaezerpark	12	3	3	0	9
Glendonald	126	75	75	0	51
Harmoniesrus	25	18	18	0	7
Helenasrust	66	14	11	3	52
Houtkop	113	23	19	4	90
Houtkop Uitbreiding 1	10	7	7	0	3
Klipplaatdrift	27	0	0	0	27
Lenteland	52	24	24	0	28
McKay	36	26	19	7	10
Roods Gardens	63	51	51	0	12
Roods Gardens Uitbr. 1	22	19	19	0	3
Roods Gardens Uitbr. 2	15	14	14	0	1
Steelview	18	9	9	0	9
Unitaspark	319	297	297	0	22
Unitaspark Uitbreiding 1	56	52	52	0	4
Unitaspark Uitbreiding 2	13	13	13	0	0
Vaalkop	12	6	5	1	6
Vandermerweskroon	53	25	25	0	28
Vandermerweskroon Uitbr. 1	6	5	5	0	1
Waterdal	128	45	45	0	83
TOTAAL	1 388	744	729	15	644

TABEL 6.5

KLEINHOEWES IN DIE MUNISIPALE GEBIED VAN VEREENIGING - 1980
(VEREENIGING-MUNISIPALITEIT 1980; VELDOPNAME 1980; TIEN
PERSENT STEEKPROEF, 1980).

KLEINHOEWES	AANTAL	AANTAL BEWOON	DOEL WAARVOOR BEWOONDE		AANTAL ONBEWOON
			KLEINHOEWES GEBRUIK WORD		
			OORWEGEND RESIDENSIEEL	OORWEGEND LANDBOU	
Lasiandra	31	16	16	0	15
Mantevrede	148	111	111	0	37
Staalrus	32	20	20	0	12
Stefanopark	127	103	103	0	24
Sylviavale	20	17	17	0	3
Vanwaartshof	34	14	14	0	20
Zuurfontein	45	18	14	1	27
TOTAAL	437	299	298	1	138

TABEL 6.6

KLEINHOEWES IN DIE MUNISIPALE GEBIED VAN VANDERBIJLPARK - 1980
(VANDERBIJLPARK-MUNISIPALITEIT, 1980; VELDOPNAME, 1980; TIEN
PERSENT STEEKPROEF, 1980)

Uit tabelle 6.5 en 6,6 kan die volgende afgelei word:

1. Van al die kleinhoewes in die munisipale gebied van Vereeniging word 53,6 persent bewoon, terwyl 68,42 persent in die munisipale gebied van Vanderbijlpark bewoon word.
2. Die bewoonde kleinhoewes in Vereeniging se munisipale gebied vervul 'n oorwegend residensiële funksie soos blyk uit Tabel 6.5. Dieselfde verskynsel geld ook vir Vanderbijlpark soos blyk uit Tabel 6.6. Ter staving van bogenoemde gegewens kan daar gelet word op die beroepstruktuur van die kleinhoewegesbiede soos aangedui deur die steekproef. Uit 'n totaal van 1 043 huishoudings is 104 by die opname betrek - waarvan 74 in Vereeniging se munisipale gebied en 30 in Vanderbijlpark se munisipale gebied geleë was.

BEROEPE	VEREENIGING %	VANDERBIJLPARK %
Fabriekswese	40,66	58,97
Handel	18,68	10,26
Landbou	3,30	2,56
Munisipaliteit	3,30	2,56
Opvoedkundig	7,70	10,26
Pensionaris	15,38	10,26
Professioneel	5,49	5,13
Staat	5,49	0
TOTAAL	100	100

TABEL 6.7

BEROEPSTRUKTUUR VAN DIE BEWONERS VAN KLEINHOEWES IN DIE MUNISIPALE GEBIEDE VAN VEREENIGING EN VANDERBIJLPARK (VOLGENS TIEN PERSENT STEEKPROEF, 1980).

Uit Tabel 6.7 blyk dit dat in Vereeniging se kleinhoewegebiede 81,32 persent van die ekonomies-aktiewe mense wat by die opname betrek is die kleinhoewes hoofsaaklik vir woondoeleindes gebruik en elders werkzaam is, terwyl 15,38 persent pensionarisse is wat beperkte landbou op die hoewes beoefen en 3,30 persent landbou as hul enigste inkomstebron beoefen. Hierdie resultate korreleer goed met dié van Tabel 6.4.

In Vanderbijlpark se kleinhoewegebiede het 87,18 persent van die respondente te kenne gegee dat hulle die kleinhoewes hoofsaaklik vir woondoeleindes gebruik en elders werkzaam is, terwyl 10,26 persent pensionarisse is en 2,56 persent landbou as beroep beoefen. Hierdie resultate korreleer goed met dié van Tabel 6.6.

Uit Tabel 6.7 blyk dit verder dat fabriekswerkers in albei dorpe se kleinhoewegebiede die grootste bewonersgroep verteenwoordig. Hierdie verskynsel kan gekoppel word aan die sterk nywerheidsinslag van albei dorpe. Daar is ook 'n waarneembare konsentrasie van handelswerkers in Vereeniging se kleinhoewegebiede woonagtig.

Opsommend kan dit dus gestel word dat die bevolking van die kleinhoewegebiede wat tussen die Transvaalse dorpe geleë is in 'n groot mate by 'n stedelike leefwyse ingeskakel is aangesien die meerderheid in die aanliggende dorpe werkzaam is. Die feit dat die meerderheid kleinhoewes te klein is om doeltreffende en ekonomiese landboueenhede te wees, tesame met die nabygeleë werkverskaffingsgebiede, is waarskynlik die vernaamste redes waarom die kleinhoewes hoofsaaklik as buitestedelike wooneenhede aangewend word. Die stedelike karakter van hierdie kleinhoewes word nog verder versterk deurdat hulle binne die munisipale gebiede van Vereeniging en Vanderbijlpark geleë is.

Van die kleinhoewes in Vereeniging se munisipale gebied word 46,4 persent egter nie bewoon nie. Hierdie kleinhoewes word vir beperkte landboudoeleindes aangewend of is nog onbenut. Die meerderheid van hierdie kleinhoewes is in die gebied ten noordweste van Vereeniging en aan die noordelike grens van Vereeniging se munisipale gebied geleë (vergelyk Tabel 6.5 en die oriënteringskaart, Figuur 5.2). Tesame met die groot gebied ten noordweste van Vereeniging wat vir landboudoeleindes gebruik word (vgl. die grondgebruikkaart, Figuur 5.6), vorm die onbewoonde kleinhoewes 'n breë strook nie-stedelike grondgebied tussen Vereeniging en Vanderbijlpark-Noord, Yskor en Sebokeng.

6.8 DIE VERHUISINGSPATRONE VAN DIE BEVOLKING

Die doel van 'n studie van die verhuisingspatrone van die mense van die Vaaldriehoek is om vas te stel of die mense die woon-geriewe in die samestellende dele op feitlik onsydige wyse gebruik ongeag die dorp waarin die broodwinner werk.

Aangesien dit die doel van hierdie studie is om te bepaal of die Vaaldriehoek in die huidige stadium as 'n verspreide stad funksioneer, is daar slegs aandag gegee aan die verhuisingspatrone van die bevolking in die afgelope tien jaar (1970 tot 1980).


Inligting oor die Blanke gebiede is bekom deur 'n ewekansige steekproef van tien persent wat in die Blanke woongebiede uitgevoer is.

In die vraelys is respondente versoek om aan te dui of hulle gedurende die periode 1970 tot 1980 in die Vaaldriehoek verhuis het asook die rede vir die verhuising (sien Hoofstuk een vir die bespreking van die vraelys en Bylae 1 vir die samestelling van die vraelys).

Inligting oor hervestiging binne die Nie-Blanke woongebiede is verkry van die Oranje-Vaal-Administrasieraad en die verskillende munisipaliteite.

6.7.1 VERHUISINGSPATRONE VAN DIE BLANKE BEVOLKING VAN DIE VAALDRIEHOEK VIR DIE TYDPERK 1970 TOT 1980

In die onderstaande tabel (Tabel 6.8) word die resultate van die steekproef in die Blanke woongebiede uiteengesit. Die plek van herkoms asook die rede vir verhuising word aangetoon. In Figuur 6.5 word die verhuisingspatrone uitgebeeld.



FIGUUR 6.5. DIE OMVANG VAN VERHUISING TUSSEN DIE DORPE VAN DIE VAALDRIEHOEK 1970 TOT 1980.

DORP WAARHEEN VER- HUISING PLAASGEVIND HET		VEREENIGING		MEYERTON		VANDERBIJLPARK		SASOLBURG		TOTAAL			
REDE VIR VERHUISING		PLEK VAN HERKOMS											
		BINNE DORP	MEYERTON	VANDERBIJLPARK	SASOLBURG	BINNE DORP	VEREENIGING	MEYERTON	SASOLBURG	BINNE DORP	VEREENIGING	MEYERTON	VANDERBIJLPARK
Beter huisvesting	49	17	36	6	2	52	162						
Eerste werk	1			1	1	1	5						
Eie huis gekoop	16	6	12	1		13	48						
Huwelik	9	2	2	1	9	5	39						
Meer geleenthede vir kinders	3			1			4						
Nader aan werk	4	5	8	1	3	5	63						
Om af te tree													
Om naby familie te wees	1	1	1	1	1		6						
Om naby vriende te wees													
Studie en opleiding	1	1					8						
Werkverandering	4	13	10	5	4	4	47						
TOTAAL	83	23	21	8	33	10	474						

TABEL 6.8

VERHUISINGSPATRONE VAN DIE BLANKE BEVOLKING BINNE DIE VAALDRIEHOEK VIR DIE
TYDPERK 1970 TOT 1980 (VOLGENS TIEN PERSENT STEEKPROEF, 1980).

Uit Tabel 6.8 kan die volgende afgelei word:

1. Uit 'n totaal van 3 516 huishoudings wat by die steekproef betrek is, het 474 of 12,48 persent aangedui dat hulle gedurende die tydperk 1970 tot 1980 in die Vaaldriehoek van verblyfplek verander het.
2. Van die totale aantal verhuisings het 280 of 59,07 persent binne die dorpe self en 194 of 40,93 persent tussen die verskillende dorpe plaasgevind.
3. Die vernaamste redes vir verhuising tussen die dorpe was die volgende:
 - i) As gevolg van 'n huwelik: 13 of 6,7 persent
 - ii) Om nader aan werk te wees: 50 of 25,77 persent
 - iii) As gevolg van werksverandering: 101 of 52,06 persent.

Verhuising om nader aan die werk te wees is hoofsaaklik 'n rede vir intra-stedelike verhuising en die hoë persentasie dui reeds op omvangryke wisselwerking op werkgebied. Die ander twee redes is ook in Hoofstuk 3 geïdentifiseer as redes vir intra-stedelike verhuising.

4. 'n Opsomming van die aantal verhuisings wat volgens die steekproef deur die inwoners van elke afsonderlike dorp uitgevoer is, het die volgende resultate opgelewer:

- i) Van die 158 verhuisings in Vereeniging (13,45% van die respondente) was 83 of 52,53 persent plaaslik en 75 of 47,47 persent van 'n ander dorp in die Vaaldriehoek.
- ii) In Meyerton het 66 (26,51%) van die respondente verhuis - waarvan 33 of 50 persent in die dorp self en 33 of 50 persent na die ander dorpe van die Vaaldriehoek.
- iii) In Vanderbijlpark het 137 (9,56%) van die respondente verhuis - waarvan 78 of 56,93 persent in die dorp self en 59 of 43,07 persent na die ander dorpe van die Vaaldriehoek.

iv) In Sasolburg het 113 (17,15%) van die respondente verhuis - waarvan 86 of 76,11 persent in die dorp self en 17 of 23,89 persent na die ander dorpe van die Vaaldriehoek.

Bostaande gegewens dui op betreklik omvangryke verhuising wat tussen die dorpe van die Vaaldriehoek plaasvind. Die verhuising na ander dorpe van die Vaaldriehoek is in die geval van Meyerton net so hoog as die interne verhuising in die dorp, terwyl dit in die geval van Vereeniging en Vanderbijlpark amper so hoog as die interne verhuising is. Sasolburg wyk effens af van hierdie patroon aangesien interne verhuisings aldaar baie hoër is as verhuisings na die ander dorpe. Die steekproef het aangedui dat interne verhuising in Sasolburg veral die gevolg is van grootskaalse verhuisings vanuit die omgewing van die swaarnywerheidsgebied na ander dele van die dorp, en dat onaangename reuke veral die oorsaak is.

5. Uit die gegewens soos uiteengesit in Tabel 6.8, asook bostaande uiteensetting, kan afgelei word dat die Vaaldriehoek in 'n aansienlike mate as een verhuisingsfeer vir sy Blanke inwoners beskou kan word waarbinne hulle veral as gevolg van werkveranderinge, om die werkrit te verkort, vir sosiale oorweginge en vir studie- of opleidingsdoeleindes van woonplek verander.

6.8.2 VERHUISINGSPATRONE VAN DIE SWART BEVOLKING VAN DIE VAALDRIEHOEK

Die verhuising van Swartes in die Vaaldriehoek is onderworpe aan die beplanning van die Oranje-Vaal-Administrasieraad.

Die verhuising van Swartes onder beheer van die Oranje-Vaal-Administrasieraad het gedurende die vroeë sestigerjare 'n aanvang geneem met die ontwikkeling van Sebokeng as 'n streekwoongebied vir Vereeniging, Meyerton en Vanderbijlpark. In ooreenstemming met hierdie ontwikkeling is die meerderheid van Meyerton se Swart bevolking na 1960 na Sebokeng verskuif. Aangesien die Swart woongebied Bophelong in die ontwikkelingsgebied van Vanderbijlpark geleë is, het die Oranje-Vaal-Administrasieraad en die munisipaliteit van Vanderbijlpark 'n ooreenkoms bereik waardeur

die bevolking van Bophelong mettertyd in Sebokeng hervestig sal word. Met hierdie proses is daar reeds op beperkte skaal begin as gevolg van die huidige tekort aan behuising (Oranje-Vaal-Administrasieraad, 1981).

In die lig daarvan het die grondgebiede van Sharpeville en Boipatong vir alle beplanningsdoeleindes reeds ten volle ontwikkel is en dat alle toekomstige ontwikkeling vir stedelike Swartes in die Vaaldriehoek op Sebokeng toegespits sal wees, word alle aanwas van eersgenoemde twee woonbuurte na Sebokeng gekanaliseer.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dus dat daar 'n omvangryke verhuising van Swartes binne die Vaaldriehoek - gefokus op Sebokeng - sedert 1960 plaasgevind het en ook in die huidige stadium plaasvind.

6.9 BEROEPSTRUKTUUR VAN DIE VAALDRIEHOEK

Tabel 6.9 is 'n uiteensetting van die beroepstruktuur van die stedelike bevolking van die Vaaldriehoek. Die gegewens soos verstrekk in die tabel is gebaseer op die Bevolkingsensusverslag vir die Metropolitaanse gebied Vereeniging, Vanderbijlpark en Sasolburg (Suid-Afrika, Republiek, 1976a).

DORP	ETNIESE GROEP	GESLAG EN %	TOTAAL	B E R O E P E									NIE K SIFIS BAA
				LAND = BOU	MYNBOU	FABRIEKE	ELEKTRI = SITEIT	KONSTRUK = SIE	HANDEL	VERVOER	FINAN = SIERING	DIENSTE	
ereeniging	Blankes	M	9 947	48	36	5 300	322	892	1 122	544	472	998	2
		%	100	0,48	0,36	53,28	3,24	8,97	11,28	5,47	4,75	10,03	2,
		V	3 650	10	4	749	10	56	901	179	463	1 093	18
		%	100	0,27	0,11	20,52	0,27	1,53	24,69	4,90	12,69	29,95	5,0
		T	13 597	58	40	6 049	332	948	2 023	723	935	2 091	39
		%	100	0,43	0,29	44,49	2,44	5,97	14,87	5,32	6,88	15,38	2,
	Kleur = linge	M	447	0	3	148	1	61	78	21	7	55	
		%	100	0	0,67	33,11	0,22	13,65	17,45	4,70	1,57	12,30	16,
		V	291	0	0	91	0	0	38	0	1	64	
		%	100	0	0	31,27	0	0	13,06	0	0,34	22,00	33,
		T	738	0	3	239	1	61	116	21	8	119	1
		%	100	0	0,41	32,38	0,14	8,27	15,72	2,85	1,08	16,12	23,
	Asiërs	M	490	0	0	41	0	2	365	6	8	36	
		%	100	0	0	8,37	0	0,41	74,49	1,22	1,63	7,35	6,
		V	122	0	0	7	0	0	67	1	1	10	
		%	100	0	0	5,74	0	0	54,92	0,82	0,82	8,19	29,
		T	612	0	0	48	0	2	432	7	9	46	
		%	100	0	0	7,84	0	0,33	70,59	1,14	1,47	7,52	11,
	Swartes	M	11 175	22	19	5 571	171	711	1 696	524	109	1 278	1 0
		%	100	0,19	0,17	49,85	1,53	6,36	15,18	4,69	0,98	11,44	9,
		V	5 901	4	2	150	0	14	553	11	58	2 796	2 3
		%	100	0,07	0,03	2,54	0	0,24	9,37	0,19	0,98	47,38	39,
		T	17 076	26	21	5 721	171	725	2 249	535	167	4 074	3 3
		%	100	0,15	0,12	33,50	1,00	4,25	13,17	3,13	0,98	23,86	19,
	Totaal alle be- volk- ings- groepe	M	22 059	70	58	11 060	494	1 666	3 261	1 095	596	2 367	1 3
		%	100	0,32	0,26	50,14	2,24	7,55	14,78	4,97	2,70	10,73	6,
		V	9 964	14	6	997	10	70	1 559	191	523	3 963	2 6
		%	100	0,14	0,06	10,00	0,10	0,70	15,65	1,92	5,25	39,77	26,
		T	32 023	84	64	12 057	504	1 736	4 820	1 286	1 119	6 330	4 0
		%	100	0,26	0,20	37,65	1,57	5,42	15,05	4,02	3,50	19,77	12,

DORP	ETNIESE GROEP	GESLAG EN %	TOTAAL	B E R O E P E									NIE K SIFIS BAA
				LAND = BOU	MYNBOU	FABRIEKE	ELEKTRI = SITEIT	KONSTRUK = SIE	HANDEL	VERVOER	FINAN = SIERING	DIENTE	
eyerton	Blankes	M	2 070	11	15	1 114	56	237	189	89	48	224	
		%	100	0,53	0,72	53,82	2,71	11,45	9,13	4,30	2,32	10,82	4,
		V	624	1	4	139	2	8	148	41	70	157	
		%	100	0,16	0,64	22,28	0,32	1,28	23,72	6,57	11,22	25,16	8,
		T	2 694	12	19	1 253	58	245	337	130	118	381	1
		%	100	0,45	0,71	46,51	2,15	9,09	12,51	4,83	4,38	14,14	5,
	Kleur = linge	M	8	0	0	0	0	1	0	1	0	5	
		%	100	0	0	0	0	12,50	0	12,50	0	62,50	12,
		V	8	0	0	0	0	0	0	0	0	8	
		%	100	0	0	0	0	0	0	0	0	100	
		T	16	0	0	0	0	1	0	1	0	13	
		%	100	0	0	0	0	6,25	0	6,25	0	81,25	6,
	Asiërs	M	13	0	0	0	0	0	11	0	0	2	
		%	100	0	0	0	0	0	84,62	0	0	15,38	
		V	1	0	0	0	0	0	1	0	0	0	
		%	100	0	0	0	0	0	100	0	0	0	
		T	14	0	0	0	0	0	12	0	0	2	
		%	100	0	0	0	0	0	85,71	0	0	14,29	
	Swartes	M	234	56	0	6	1	19	19	1	1	123	
		%	100	23,93	0	2,56	0,43	8,12	8,12	0,43	0,43	52,56	3,4
		V	326	4	0	0	0	0	7	0	0	305	1
		%	100	1,23	0	0	0	0	2,15	0	0	93,56	3,0
		T	560	60	0	6	1	19	26	1	1	428	
		%	100	10,71	0	1,07	0,18	3,39	4,65	0,18	0,18	76,43	3,2
	Totaal	M	2 325	67	15	1 120	57	257	219	91	49	354	
	alle be =	%	100	2,88	0,65	48,17	2,45	11,05	9,42	3,91	2,11	15,23	4,1
	volk =	V	959	5	4	139	2	8	156	41	70	470	6
	ings =	%	100	0,52	0,42	14,50	0,21	0,83	16,27	4,28	7,29	49,01	6,6
	groepe	T	3 284	72	19	1 259	59	265	375	132	119	824	16
		%	100	2,19	0,58	38,34	1,80	8,07	11,42	4,02	3,62	25,09	4,8

DORP	ETNIESE GROEP	GESLAG EN %	TOTAAL	B E R O E P E									
				LAND=BOU	MYNBOU	FABRIEKE	ELEKTRI=SITEIT	KONSTRUK=SIE	HANDEL	VERVOER	FINAN=SIERING	DIENSTE	NIE KL SIFISE BAAR
anderbijl= park	Blanke	M	13 289	52	30	9 546	50	1 642	607	174	304	660	22
		%	100	0,39	0,22	71,83	0,38	12,36	4,57	1,31	2,29	4,97	1,6
		V	3 272	6	1	815	7	52	772	115	345	933	22
		%	100	0,18	0,03	24,91	0,21	1,59	23,59	3,52	10,54	28,52	6,9
		T	16 561	58	31	10 361	57	1 694	1 379	289	649	1 593	45
		%	100	0,35	0,19	62,56	0,34	10,23	8,33	1,74	3,92	9,62	2,7
	Kleur= linge	M	49	11	1	1	0	6	3	0	0	18	
		%	100	22,45	2,04	2,04	0	12,25	6,12	0	0	36,73	18,3
		V	72	0	0	3	0	0	0	0	0	65	
		%	100	0	0	4,17	0	0	0	0	0	90,28	5,5
		T	121	11	1	4	0	6	3	0	0	83	1
		%	100	9,09	0,83	3,31	0	4,96	2,48	0	0	68,59	10,7
	Asiërs	M	33	0	0	1	0	0	32	0	0	0	
		%	100	0	0	3,03	0	0	96,97	0	0	0	
		V	2	0	0	0	0	0	1	0	0	0	
		%	100	0	0	0	0	0	50,00	0	0	0	50,0
		T	35	0	0	1	0	0	33	0	0	0	
		%	100	0	0	2,86	0	0	94,28	0	0	0	2,8
	Swartes	M	11 435	1 042	79	6 243	48	1 065	778	112	107	1 420	54
		%	100	9,11	0,69	54,60	0,42	9,31	6,80	0,98	0,94	12,42	4,7
		V	5 143	80	1	53	2	4	264	3	20	3 645	1 07
		%	100	1,56	0,02	1,03	0,04	0,08	5,13	0,06	0,39	70,87	20,8
		T	16 578	1 122	80	6 296	50	1 069	1 042	115	127	5 065	1 61
		%	100	6,77	0,48	37,98	0,30	6,45	6,29	0,69	0,77	30,55	9,7
	Totaal	M	24 806	1 105	110	15 791	98	2 713	1 420	286	411	2 098	77
	alle	%	100	4,45	0,44	63,66	0,40	10,94	5,72	1,15	1,66	8,46	3,1
	bevolk=	V	8 489	86	2	871	9	56	1 037	118	365	4 643	1 30
	ings=	%	100	1,01	0,02	10,26	0,11	0,66	12,22	1,39	4,30	54,69	15,3
	groepe	T	33 295	1 191	112	16 662	107	2 769	2 457	404	776	6 741	2 07
		%	100	3,58	0,34	50,04	0,32	8,32	7,38	1,21	2,33	20,25	6,2

DORP	ETNIESE GROEP	GESLAG EN %	TOTAAL	B E R O E P E										NIE K SIFIS BAAR
				LAND= BOU	MYNBOU	FABRIEKE	ELEKTRI= SITEIT	KONSTRUK= SIE	HANDEL	VERVOER	FINAN= SIERING	DIENTE		
asolburg	Blankes	M	4 797	12	319	3 381	25	391	181	65	104	278		
		%	100	0,25	6,65	70,48	0,52	8,15	3,77	1,36	2,17	5,80	0,8	
		V	1 106	2	9	325	0	20	261	41	125	284		
		%	100	0,18	0,81	29,39	0	1,81	23,60	3,71	11,30	25,67	3,5	
		T	5 903	14	328	3 706	25	411	442	106	229	562		
		%	100	0,24	5,56	62,78	0,42	6,96	7,49	1,80	3,88	9,52	1,1	
	Kleur= linge	M	19	3	1	1	0	3	4	0	0	7		
		%	100	15,80	5,26	5,26	0	15,79	21,05	0	0	36,84		
		V	50	0	0	1	0	1	3	0	0	44		
		%	100	0	0	2,00	0	2,00	6,00	0	0	88,00	2,0	
		T	69	3	1	2	0	4	7	0	0	51		
		%	100	4,35	1,45	2,90	0	5,80	10,14	0	0	73,91	1,4	
	Swartes	M	7 969	19	1	3 331	38	3 133	391	118	26	607	30	
		%	100	0,24	0,01	41,79	0,48	39,31	4,91	1,48	0,33	7,62	3,8	
		V	1 757	0	0	8	0	8	76	2	5	1 391	28	
		%	100	0	0	0,46	0	0,46	4,33	0,11	0,28	79,17	15,1	
		T	9 726	19	1	3 339	38	3 141	467	120	31	1 998	57	
		%	100	0,19	0,01	34,33	0,39	32,30	4,80	1,23	0,32	20,54	5,8	
	Totaal alle bevolk= ings= groepe	M	12 785	34	321	6 713	63	3 527	576	183	130	892	34	
		%	100	0,27	2,51	52,51	0,49	27,59	4,50	1,43	1,02	6,98	2,7	
		V	2 913	2	9	334	0	29	340	43	130	1 719	30	
		%	100	0,07	0,31	11,47	0	0,99	11,67	1,48	4,46	59,01	10,5	
		T	15 698	36	330	7 047	63	3 556	916	226	260	2 611	65	
		%	100	0,23	2,10	44,89	0,40	22,65	5,84	1,44	1,66	16,63	4,1	

DORP	ETNIESE GROEP	GESLAG EN %	TOTAAL	B E R O E P E									
				LAND = BOU	MYNBOU	FABRIEKE	ELEKTRI = SITEIT	KONSTRUK = SIE	HANDEL	VERVOER	FINAN = SIERING	DIENSTE	NIE KL SIFISE BAAR
ebokeng	Swartes	M	16 062	38	38	8 568	183	2 994	1 214	619	84	1 078	1 24
		%	100	0,24	0,24	53,34	1,14	18,64	7,56	3,85	0,52	6,71	7,7
		V	5 755	3	2	310	1	29	215	5	7	3 482	1 70
		%	100	0,05	0,03	5,39	0,02	0,50	3,74	0,09	0,12	60,50	29,5
		T	21 817	41	40	8 878	184	3 023	1 429	624	91	4 560	2 94
		%	100	0,19	0,18	40,69	0,84	13,86	6,55	2,86	0,42	20,90	13,5
aaldriehoek		M	78 037	1 314	542	43 252	895	11 157	6 690	2 274	1 270	6 789	3 85
lle Etniese groepe		%	100	1,68	0,70	55,42	1,15	14,30	8,58	2,91	1,63	8,70	4,9
		V	28 080	110	23	2 651	22	192	3 307	398	1 095	14 277	6 00
		%	100	0,39	0,08	9,44	0,08	0,68	11,78	1,42	3,90	50,84	21,3
		T	106 117	1 424	565	45 903	917	11 349	9 997	2 672	2 365	21 066	9 85
		%	100	1,34	0,53	43,26	0,86	10,70	9,42	2,52	2,23	19,85	9,2

ABEL 6.9

EROEPSTRUKTUUR VAN DIE VAALDRIEHOEK
(SUID-AFRIKA, REPUBLIEK, 1976a).

Uit Tabel 6.9 kan die volgende afgelei word:

1. Landbou is 'n baie beperkte beroepsektor in die munisipale gebiede van die Vaaldriehoek. Die gegewens vir die landbou, soos uiteengesit in Tabel 6.8, korreleer met die bevindinge in die vorige afdeling dat die meerderheid kleinhoewes en kleinplasies in die gebied 'n oorwegend residensiële funksie vervul.

 2. Mynbou verskaf werk aan 'n baie klein persentasie van die Vaaldriehoek se bevolking alhoewel daar mynwerkers in al vyf dorpe woonagtig is. In teenstelling met die verlede toe mynbou 'n belangrike werkverskaffer in die gebied was, speel dit dus tans 'n minder belangrike rol. Hierdie stelling kan bewys word deur 'n vergelyking van Blanke indiensnemingsgetalle in 1970 (418) en 1960 (856) (Suid-Afrika, Republiek, 1968, pp.18,19 en 22). Die staking van steenkoolontginning in Vereeniging se munisipale gebied het waarskynlik die belangrikste rol hierin gespeel. Sasolburg is tans die enigste van die dorpe waar die mynbousektor vir 'n redelike persentasie van die werkverskaffing verantwoordelik is. Dit is hoofsaaklik te wyte aan die nabygeleë Sigmamyn.

 3. Die absolute oorheersing van die fabrieksektor insoverre dit werkersgetalle betref blyk duidelik uit bostaande tabel. Volgens die fabrieksnywerheidsratio (waarvolgens die indiensnemingsgetalle in fabriekse uitgedruk word as persentasie van die totale ekonomies-aktiewe bevolking) is dit duidelik dat die dorpe van die Vaaldriehoek dit in gemeen het dat fabriekswerkers verreweg die grootste beroepsgroep by elkeen verteenwoordig.
- Om die graad van relatiewe konsentrasie van die nywerheidsektor in die Vaaldriehoek te bepaal, is daar gebruik gemaak van die liggingskwosiëntbeginsel (Murphy, 1966, p. 327) waar die gegewens vir die gebied gemeet word teenoor nasionale gemiddeldes.

Die formule is soos volg:

Nywerheidswerkers in die Vaaldriehoek
Nywerheidswerkers in die land
Ekonomies - aktiewe bevolking van die Vaaldriehoek
 Ekonomies-aktiewe bevolking van die land

$$\frac{45\ 903}{1\ 026\ 081} = \frac{0,04474}{0,01331} = 3,36$$

7 972 241 (Suid-Afrika, Republiek, 1976a, pp.64
128, 181 en 230).

Die breuk 0,04474/0,01331 kan soos volg geïnterpreteer word: 4,47 persent van die nywerheidswerkers in die Republiek van Suid-Afrika is gekonsentreer in die Vaaldriehoek, maar slegs 1,33 persent van die ekonomies-aktiewe bevolking van die Republiek is daar gekonsentreer. As die twee persentasies dieselfde was, sou dit op 'n balans tussen die Vaaldriehoek en die land gedui het en sou die finale waarde 1 wees. Waardes bokant 1 toon aldus konsentrasies proporsioneel aan en 'n waarde van 3,36 dui op 'n aansienlike konsentrasie van die nywerheidsektor in die Vaaldriehoek - meer as drie maal sy proporsionele deel.

As die liggingskwosiënt toegepas word op die individuele dorpe word die volgende resultate verkry:

Vereeniging	=	2,95
Meyerton	=	3
Vanderbijlpark	=	3,86
Sasolburg	=	3,57
Sebokeng	=	3,18

Uit die resultate van die bostaande metodes wat toegepas is, blyk dit dat die Vaaldriehoek as geheel as 'n nywerheidsgebied geklassifiseer kan word. Geen ander funksie toon naastenby dieselfde konsentrasie van werkersgetalle in die Vaaldriehoek as geheel, of in die individuele dorpe, as die nywerheidsektor nie. Wat werkverskaffing betref is dit by uitstek die een

enkele funksie wat die Vaaldriehoek onderskei. Die proporsies van die dorpe stem ook baie ooreen - wat nog verder bydra om die Vaaldriehoek te onderskei as nywerheidsgebied.

4. Agt-en-veertig persent van die Vaaldriehoek se handelswerkers is in Vereeniging woonagtig. In 'n verspreide stadsisteem is dit onwaarskynlik dat al hierdie werkers in Vereeniging werksaam sal wees. Die veel groter oppervlakte wat deur die handelsfunksie in Vereeniging beslaan word, dui egter op 'n groter konsentrasie van die handel as in die ander dorpe. Die groter werkgeleenthede wat dit impliseer, maak dit dus baie waarskynlik dat die meerderheid van die 4 820 handelswerkers (alle groepe) wat in Vereeniging woonagtig is ook daar werksaam sal wees.

5. Die feit dat Vereeniging 'n groot spoorwegstasie en rangeerwerf het en dat dit die hoofkwartier vir die spoorwegbusdiens vir Vereeniging en Vanderbijlpark asook die Vaal Transport-Maatskappy is, lewer waarskynlik 'n belangrike bydrae tot die groot aantal vervoerwerkers wat daar woonagtig is (48,36 persent van die vervoerwerkers van die Vaaldriehoek).

6.10 WERKPATRONE VAN DIE BEVOLKING

Vir die ondersoek van die werkpatrone van die bevolking van die Vaaldriehoek is daar vir elke dorp bepaal watter persentasie van sy ekonomies-aktiewe bevolking binne die grense van sy eie munisipale gebied werksaam is en watter persentasie daar in elk van die ander dorpe van die Vaaldriehoek werksaam is.

Die gegewens vir die Blankes, Kleurlinge en Asiërs is verkry deur 'n vraelysopname wat van Januarie tot April 1980 in die dorpe van die Vaaldriehoek uitgevoer is. In hierdie vraelys is verskeie vrae gestel rakende die studie-onderwerp (vgl. Bylae 2 vir die samestelling en Hoofstuk 1 vir die bespreking van die vraelys).

Die inligting van die werkpatrone van die ekonomies-aktiewe Swart bevolking van die Vaaldriehoek is verkry van 'n opsomming

deur die Oranje-Vaal-Administrasieraad in 1980 (Lourens, 1980).

Die resultate van bostaande ondersoek word in Tabel 6.10 uiteengesit en op Figuur 6.6 uitgebeeld.

DORP	WAAR WERKSAAM				
	VEREENIGING	MEYERTON	VANDERBIJLPARK	SASOLBURG	SEBOKENG
	%	%	%	%	%
Vereeniging	91,02	3,85	4,36	0,73	0,04
Meyerton	17,38	66,92	2,46	0	0
Vanderbijlpark	6,11	0,87	87,34	5,21	0,47
Sasolburg	1,93	0	7,30	89,04	0
Sebokeng	30,16	5,62	60,78	0,37	3,07

TABEL 6.10

WERKPATRONE VAN DIE BEVOLKING VAN DIE VAALDRIEHOEK - 1980.
(STEEKPROEF, 1980; ORANJE-VAAL-ADMINISTRASIERAAD, 1980).

Uit Tabel 6.10 kan die volgende afgelei word:

1. Deur die werkpatrone van sy ekonomies-aktiewe bevolking het Vereeniging verbintenisse met al die ander dorpe van die Vaal-driehoek. Vereeniging se sterkste skakels is met sy twee naaste buurdorpe Vanderbijlpark en Meyerton. Die Wisselwerking met Sasolburg is minder omvangryk - waarskynlik as gevolg van die groter afstand wat die twee dorpe skei. Die beperkte wisselwerking met Sebokeng is 'n direkte oorsaak van die tekort aan werkgeleenthede vir Blankes in hierdie woongebied.


2. Meyerton se laer plaaslike werkverskaffing dui op minder werkgeleenthede asook die invloed van Vereeniging - waar 'n hoër persentasie van Meyerton se ekonomies-aktiewe bevolking werksaam is. Die wisselwerking met Vanderbijlpark is swakker, terwyl daar geen bande met Sasolburg en Sebokeng is nie.

3. Vanderbijlpark het wisselwerking met al die ander dorpe van die Vaaldriehoek. Sy sterkste bande is met sy twee naaste buurdorpe Vereeniging en Sasolburg. Meer beperkte werksgeleenthede in Meyerton en 'n tekort aan werksgeleenthede vir Blankes in Sebokeng is verantwoordelik vir die klein persentasie van Vanderbijlpark se ekonomies-aktiewe bevolking wat daar werksaam is.

4. Sasolburg het slegs wisselwerking met Vanderbijlpark en Vereeniging. Die bande met Vanderbijlpark is die sterkste en die provinsiale grens (Vaalrivier) wat die twee dorpe skei, oefen dus klaarblyklik geen merkbare invloed uit op die bande met Vanderbijlpark nie.

5. Sebokeng het wisselwerking met al die ander dorpe van die Vaaldriehoek. Die dorp se funksionele struktuur is nie so ontwikkel soos dié van die ander dorpe nie aangesien dit ontwikkel is as streekwoongebied om onder andere werkers aan die ander Transvaalse dorpe te voorsien. Die meerderheid van Sebokeng se ekonomies-aktiewe bevolking is werksaam in Vanderbijlpark en Vereeniging - waarheen hulle veral per bus vervoer word. Die werkers wat in Meyerton werksaam is, word ook per bus vervoer. 'n Geringe getal werkers is werksaam in Sasolburg.

Uit die uiteensetting van die persentasies van die dorpe se ekonomies-aktiewe bevolkings wat in die ander dorpe werksaam is en die uitbeelding daarvan op Figuur 6.6, blyk dit dat die Vaaldriehoek as geheel as werkverskaffingssfeer vir sy bevolking dien. Werkers van Vereeniging, Vanderbijlpark en Sebokeng is werksaam in al die ander dorpe van die Vaaldriehoek alhoewel die bande met die buurdorpe die sterkste is. Slegs tussen Sasolburg en Meyerton bestaan daar geen wisselwerking nie. Hierdie twee dorpe is die verste van mekaar geleë en afstand en die verskil in die aard van die dominante nywerheidsfunksie speel waarskynlik die grootste rol om wisselwerking te beperk.



FIGUUR 6. 6. INTERNE EN EKSTERNE WERKRITTE VAN DIE VAAL-DRIEHOEK - 1980.

HOOFSTUK 7

DIE NYWERHEIDSKOMPONENT

7.1 INLEIDING

Die Vaaldriehoek is sterk nywerheids-georiënteerd soos afgelei kan word van die groot persentasie van die stedelike oppervlakte van die dorpe wat deur nywerhede beslaan word en die groot persentasie van hul ekonomies-aktiewe bevolking wat in die nywerheid werksaam is.

Die vervaardigingsektor in die Vaaldriehoek bestaan oorwegend uit ondernemings in die basiese yster en staal-, metaalprodukte - sowel as die chemiese bedryfstakke. Vanweë die ontginning van klei in die gebied is die vervaardiging van nie-metaalhoudende mineraalprodukte ook prominent.

Die beskikbaarheid van steenkool het 'n belangrike invloed uitgeoefen op nywerheidsvestiging en moet dus ook in aanmerking geneem word in 'n studie van die vervaardigingsektor.

7.2 DIE STEENKOOLNYWERHEID

In Hoofstuk 5 is reeds volledig verwys na die voorkoms van steenkoolmynbou in die Vaaldriehoek en omgewing en die belangrike rol wat dit gespeel het in die ontstaan van Vereeniging en Sasolburg. In hierdie hoofstuk sal daar dus slegs aandag gegee word aan die mate waarin steenkoolmynbou ingeskakel is by die ekonomiese bedrywighede en werkverskaffing in die Vaaldriehoek.

Die drie produserende myne op die Vereeniging-Clydesdalesteenkoolveld is ten nouste ingeskakel by die kragvoorsieningsbedryf en nywerheidsektor van die Vaaldriehoek. Die Clydesdalemyn voorsien sowel die Taaiboskragstasie as die Highveldkragstasie van steenkool (100% van dié myn se opbrengs word aan Evkom verkoop vir kragopwekking (Clydesdalemyn, 1980).

Corneliamyn verkoop 70 persent van sy opbrengs aan Evkom en agt persent aan die yster- en staalnywerhede in die gebied. Steenkool van hierdie myn word gemeng met kookssteenkool van Witbank en Vryheid vir gebruik in die ystersmelterye. Sasol 1 se eie myn, naamlik Sigma, se produksie is uitsluitend vir die Sasol-werke asook Sasol 1 se eie kragstasie.

Steenkoolmynbou speel nie 'n belangrike rol as werkverskaffer aan die Vaaldriehoek se bevolking nie aangesien die meerderheid mynwerkers nie in die dorpe woonagtig is nie, maar in die myne se eie woongebiede. Slegs in die geval van die Sigmamyn, wat net suid van Sasolburg geleë is, is die meerderheid Blanke mynwerkers in Sasolburg woonagtig. Die Swart werkers van Sigma is woonagtig in Belina wat buite Sasolburg se munisipale gebied geleë is. Die steenkoolmyne, wat almal in die Vrystaat geleë is, trek nogtans werkers uit die hele Vaaldriehoek soos die onderstaande gegewens aandui:

DORP	AANTAL WERKERS IN STEENKOOLMYNE
Vereeniging	31
Meyerton	2
Vanderbijlpark	23
Sasolburg	223
Sebokeng	11
TOTAAL	295

TABEL 7.1

AANTAL WERKERS VAN DIE VAALDRIEHOEK BETROKKE BY
STEENKOOLMYNBOU - 1980 (CLYDESDALE-, CORNELIA-
EN SIGMA-STEENKOOLMYNE, 1980)

7.3 DIE VERVAARDIGINGSEKTOR VAN DIE VAALDRIEHOEK

7.3.1 NYWERHEIDSGEBIEDE

Die sterk nywerheids-georiënteerdheid van die Vaaldriehoek blyk uit die 42,97 persent wat nywerheidsgebiede van die totale stedelike oppervlakte van die gebied beslaan asook uit die hoë

persentasies van die stedelike oppervlaktes van die dorpe wat deur hierdie funksie beslaan word.

Tabel 7.2 is 'n opgawe van die bestaande nywerheidsgebiede in die Vaaldriehoek. Die ligging van die nywerheidsgebiede word aangetoon op Figuur 5.6 en die Oriënteringskaart (Figuur 5.2).

DORP	NYWERHEIDSGBIED	OPPERVL. (ha)
Vereeniging	Dickinsonville	14,8
	Duncanville	204,9
	Gedeelte van Houtkop 594-IQ	44,5
	Gedeelte van Klipplaatdrift 601-IQ	256,5
	Gedeeltes van Leeuwkuil 596-IQ	103,7
	Gedeelte van McKay 602-IQ	14,8
	Gedeelte 84 van Vlakfontein 546-IQ	20,8
	Powerville	50,7
	Powerville Uitbreiding 1	3,2
	Roshasia	12,4
	Vereeniging Uitbreiding 1	25,8
TOTAAL		752,1
Meyerton	Gedeelte van Kookfontein 545-IQ	621,4
	Gedeeltes van Rietfontein 365-IQ	50,1
	Meyerton Small Farms	6,9
	Meyerton Uitbreiding 1	42,3
	Meyerton Uitbreiding 3	32,8
	Noldick	4,1
	Noldick Uitbreiding 1	16,2
	Sybrand van Niekerkpark	42,2
TOTAAL		816,0
Vanderbijlpark	C.E. 6	13,1
	C.E. 6 Uitbreiding 1	14,0
	N.E. 3	63,3
	N.W. 7	354,3
	Yskor	3500

DORP	NYWERHEIDSGBIED	OPPERVL. (ha)
Sasolburg	Coalplex	144,6
	Sasolburg Uitbreiding 6	6,6
	Sasolburg Uitbreiding 8	18,2
	Sasolburg Uitbreiding 10	149,5
	Sasolburg Uitbreiding 11	59,9
	Sasolburg Uitbreiding 13	252,8
	Sasolburg Uitbreiding 28	115,9
	Sasolburg Uitbreiding 29	384,2
	Sasolburg Uitbreiding 31	16,1
	Sasolburg Uitbreiding 39	2,1
	Sasol 1	300
TOTAAL		1 449,5
TOTAAL VAALDRIEHOEK		6 962,3

TABEL 7.2

DIE NYWERHEIDSGBIEDE VAN DIE VAALDRIEHOEK - 1980
(KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER, 1980, p. 36;
MUNISIPALITEITE VAN VEREENIGING, MEYERTON, VANDER=
BIJLPARK EN SASOLBURG, 1980).

Uit Tabel 7.2 asook Figuur 5.6 blyk dit dat die grootste nywerheidsgebiede in Vanderbijlpark en Sasolburg aangetref word waar onderskeidelik 56,66 persent en 20,82 persent van die totale nywerheidsoppervlakte van die Vaaldriehoek aangetref word. Die sterk inslag van Yskor wat 50,27 persent van die totale nywerheidsoppervlakte van die Vaaldriehoek beslaan asook van Sasol 1 wat 4,32 persent van die nywerheidsoppervlakte beslaan, is opvallend.

7.3.2 NYWERHEIDSTRUKTUUR

'n Ontleding van die nywerheidstruktuur is noodsaaklik om die verskillende soorte nywerhede in die Vaaldriehoek te onderskei. So 'n ondersoek sal ook die konsentrasie van bepaalde nywerheidssektore in die gebied, indien dit bestaan, uitwys.

AFDELING	HOOFGROEP	VEREENIGING GETAL	MEYERTON GETAL	VANDER = BIJLPARK GETAL	SASOLBURG GETAL	TOTAAL
Vervaardiging van Voedsel, drank en tabak	Vervaardiging van Voelsel Dranknywerhede	6 1	1 0	3 1	3 0	13 2
Subtotaal		7	1	4	3	15
Tekstiel, klerasie en leernywerhede	Vervaardiging van tekstiel= stowwe	1	0	1	0	2
	Vervaardiging van klerasie; uitgesonderd skoeisel	4	0	1	0	5
	Vervaardiging van leer en leer= produkte, leersubstitute en pelse, uitgesonderd skoeisel en klerasie	1	0	0	0	1
Subtotaal		6	0	2	0	8
Vervaardiging van hout en houtprodukte, met inbegrip van meubels	Vervaardiging van hout- en kurkprodukte, uitgesonderd meubels	2	0	6	0	8
	Vervaardiging van meubels en vaste toebehore, uitgesonderd items hoofsaaklik van metaal	5	0	2	0	7
Subtotaal		7	0	8	0	15
Vervaardiging van papier en papier= produkte, drukwerk en uitgewery	Drukwerk, uitgewery en ver= wante nywerhede	5	0	2	0	7
Subtotaal		5	0	2	0	7
Vervaardiging van chemikalieë en van chemiese petroleum-, steenkool-, rubber- en plastiekprodukte	Vervaardiging van nywerheids= chemi	2	1	0	3	6
	Vervaardiging van ander chemiese produkte	2	2	0	3	7
	Petroleumraffinaderye	0	0	0	2	2
	Vervaardiging van diverse produkte van petroleum en steenkool	0	0	1	0	1
	Vervaardiging van rubberprodukte	1	0	0	1	2
	Vervaardiging van plastiekprodukte nie elders geklassifiseer nie	1	0	0	1	2
Subtotaal		6	3	1	10	20
Vervaardiging van nie-metaalhoudende mineraalprodukte, uitgesonderd produkte van petroleum en steenkool	Vervaardiging van pottbakkers ware, porselein en erdewerk	3	3	0	0	6
	Vervaardiging van ander nie-metaalhoudende mineraalprodukte	10	4	8	1	23
Subtotaal		13	7	8	1	29
Basiese metaal= nywerhede	Basiese yster- en staalnywerhede	6	0	5	0	11
	Basiese nie-yster metaalnywerhede	2	1	1	0	4
Subtotaal		8	1	6	0	15

AFDELING	HOOFGROEP	VEREENIGING GETAL	MEYERTON GETAL	VANDER= BIJLPARK GETAL	SASOLBURG GETAL	TOTAAL
Vervaardiging van ge= fabriiseerde metaal= produkte; masjinerie en uitrusting	Vervaardiging van gefabriiseerde metaalprodukte, uitgesonderd masjinerie en uitrusting Vervaardiging van masjinerie, uitgesonderd elektriese masjinerie Vervaardiging van elektriese masjinerie, apparaat, toe= stelle en benodigdhede Vervaardiging van motorvoer= tuie, -onderdele en -toebe= hore Vervaardiging van vervoeruit= rusting, uitgesonderd motor= voertuie, -onderdele en -toebehore Vervaardiging van professio= nele en wetenskaplike meet= en kontrole-uitrusting nie elders geklassifiseer nie en van fotografiiese en optiese goedere	31 23 7 7 3	15 4 1 3 1	35 6 1 4 1	6 0 1 2 0	87 33 10 16 5
Subtotaal		72	24	47	9	152
Elektrisiteit, gas en stoom	Vervaardiging en verspreiding van gas en stoom	1	0	2	1	4
Subtotaal		1	0	2	1	4
TOTAAL		125	36	80	24	265

TABEL 7.3

NYWERHEIDSTRUKTUUR VAN DIE VAALDRIEHOEK - 1980
(NYWERHEIDSOPNAME, 1980)

Uit Tabel 7.3 kan die volgende afgelei word:

1. Die vervaardiging van gefabriseerde metaalprodukte, masjinerie en toerusting is die nywerheidsgroep wat, getalle gereken, absoluut oorheersend is in die Vaaldriehoek. Dit beslaan naamlik 57,36 persent van die totale aantal nywerhede van die Vaaldriehoek. Die grootste konsentrasie van hierdie nywerhede word in Vereeniging aangetref, naamlik 47,37 persent, teenoor 15,79 persent in Meyerton, 30,92 persent in Vanderbijlpark en 5,92 persent in Sasolburg.

Bogenoemde nywerheidsgroep verteenwoordig 57,6 persent van Vereeniging se totale aantal nywerhede teenoor 66,67 persent in Meyerton, 58,75 persent in Vanderbijlpark en 37,5 persent in Sasolburg.

Onder hierdie groep is die vervaardiging van gefabriseerde metaalprodukte, uitgesonderd masjinerie en toerusting, die sterkste verteenwoordig in al vier dorpe. In Vereeniging, in teenstelling met die ander dorpe, is daar ook 'n konsentrasie van nywerhede wat masjinerie - elektries en andersins - vervaardig.

2. Die vervaardiging van nie-metaalhoudende mineraalprodukte, uitgesonderd produkte van petroleum en steenkool, is, wat getalle betref, die tweede grootste nywerheidsgroep in die Vaaldriehoek. Hierdie nywerheidsgroep word in al die dorpe aangetref, maar die grootste konsentrasies is in Vereeniging, Meyerton en Vanderbijlpark.

Die vervaardiging van pottbakkersware, porselein en erdewerk word net in Vereeniging en Meyerton aangetref. Soos in Hoofstuk 5 aangetoon, vind die ontginning van klei slegs binne die munisipale gebiede van Vereeniging en Meyerton en ten weste van Vanderbijlpark se munisipale gebied plaas.

3. Die vervaardiging van chemikalieë soos petroleum-, steenkool-, rubber-, plastiek- en chemiese produkte word hoofsaaklik in Sasolburg aangetref. Vereeniging, Meyerton en Vanderbijlpark het ook van hierdie nywerhede, maar in verhouding

tot hulle totale aantal nywerhede, is daar nie sprake van 'n konsentrasie nie.

4. Basiese metaalnywerhede is slegs in twee dorpe gekonsentreer, naamlik Vereeniging en Vanderbijlpark. Dit is opvallend dat hierdie ook die dorpe is waar die vervaardiging van gefabriseerde metaalprodukte, masjinerie en toerusting hoofsaaklik gekonsentreer is.

5. Die vervaardiging van voedsel, drank en tabak word in al die dorpe aangetref, maar met 'n duidelike konsentrasie in Vereeniging (waar 46,15 persent van hierdie nywerhede geleë is).

6. Die vervaardiging van hout en houtprodukte, met inbegrip van meubels, word net in Vereeniging en Vanderbijlpark aangetref.

7. Tekstiel, klerasie en leernywerhede word net in Vereeniging en Vanderbijlpark aangetref.

8. Die vervaardiging van papier en papierprodukte, drukwerk en uitgewery word net in Vereeniging en Vanderbijlpark aangetref. Daar is 'n waarneembare konsentrasie in Vereeniging waar 71,48 persent van hierdie groep aangetref word.

9. Die vervaardiging van elektrisiteit, gas en stoom word in al die dorpe, behalwe Meyerton, aangetref.

Alhoewel die getalle van die nywerheidsgroepe reeds 'n aanduiding gee van hul belangrikheid vir die gebied, asook bepaalde konsentrasies uitwys, is dit belangrik om ook van ander maatstawwe gebruik te maak om die korrektheid van die bevindinge te toets.

Tabel 7.4 is 'n uiteensetting van die belangrikste nywerheidsstatistiek vir die Vaaldriehoek (Suid-Afrika, Republiek, 1978a, p. 40).

HOOFGROEP	WERKERS	SALARISSE EN LONE	BRUTO OPBRENGS	NETTO OPBRENGS	WAARDE VAN GEBOUE	WAARDE VAN INSTALLASIES, MASJINERIE EN TOERUSTING	WAARDE VAN VOERTUIE
		R1 000	R1 000	R1 000	R1 000	R1 000	R1 000
Klerasie	30	27	84	55	-	6	1
Meubels - nie metaal	74	83	261	134	47	8	5
Drukwerk en uitgeway	114	268	599	465	-	127	12
Chemiese produkte	10 202	27 050	235 493	91 188	17 971	211 749	2 100
Basiese yster- en staal	24 285	60 312	263 824	122 122	127 811	173 387	4 863
Elektriese produkte	2 750	3 601	33 748	11 379	2 730	6 142	87
Motors en toebehore	192	350	1 082	539	17	97	25
Ander vervaardiging	24 720	42 979	207 784	84 805	20 244	44 043	1 770
TOTAAL	62 355	134 669	742 875	310 686	168 817	435 561	8 860

TABEL 7.4

NYWERHEIDSTATISTIEK VIR DIE VAALDRIEHOEK - 1972
(SUID-AFRIKA, REPUBLIEK, 1978a, p. 40).

Uit Tabel 7.4 blyk dit dat drie nywerheidsgroepe in die Vaal= driehoek oorheers, naamlik:

1. Die vervaardiging van chemikalieë soos petroleum-, steenkool-, rubber-, plastiek- en chemiese produkte.
2. Basiese yster- en staalnywerhede.
3. Die groep wat aangedui word onder "*ander vervaardiging*". Hierdie groep sluit die volgende hoof- en subnywerheidsgroepe in:
 - (a) Vervaardiging van gefabriseerde metaalprodukte, masjinerie en toerusting.
 - (b) Vervaardiging van nie-metaalhoudende mineraal= produkte.
 - (c) Basiese nie-yster metaalnywerhede.
 - (d) Vervaardiging en verspreiding van gas en stoom.
 - (e) Vervaardiging van voedsel, drank en tabak.

Uit gegewens wat deur die nywerheidsvraelys (Bylae 3) en van die munisipaliteite in 1980 verkry is, kan die volgende uiteen= setting gegee word van die werkersgetalle van bogenoemde vyf hoof- en subgroepe asook die getal ondernemings:

NYWERHEIDSGROEPE	AANTAL WERKERS	AANTAL ONDERNEMINGS
Vervaardiging van gefabriseerde metaalproduk= te, masjinerie en toerusting	19 262	152
Vervaardiging van nie-metaalhoudende mine= raalprodukte	4 104	29
Basiese nie-yster metaalnywerhede	2 250	4
Vervaardiging en verspreiding van gas en stoom	196	4
Vervaardiging van voedsel, drank en tabak	988	15
TOTAAL	26 800	204

TABEL 7.5 AANTAL WERKERS EN ONDERNEMINGS VAN DIE GROEP "*ANDER VERVAARDIGINGSNYWERHEDE*" - 1980 (NYWERHEIDSVRAELYS, 1980; MUNISIPALITEITE VAN VEREENIGING, MEYERTON, VANDERBIJL= PARK EN SASOLBURG, 1980)

Uit 'n totaal van 26 800 werkers vir hierdie groepe in 1980 beslaan die groep wat metaalprodukte, masjinerie en toerusting vervaardig 71,87 persent. Hierdie groep beslaan ook 74,5 persent van die ondernemings.

Uit tabelle 7.3, 7.4 en 7.5 en bostaande gegewens kan drie oorheersende nywerheidsgroepe in die Vaaldriehoek onderskei word.

1. Die vervaardiging van chemikalieë soos petroleum-, steenkool-, rubber-, plastiek- en chemiese produkte.
2. Basiese metaalnywerhede en in die besonder basiese yster- en staalnywerhede.
3. Vervaardiging van gefabriseerde metaalprodukte, masjinerie en toerusting.

7.4 DIE VERVAARDIGING VAN CHEMIKALIEË SOOS PETROLEUM-, STEENKOOL-, RUBBER-, PLASTIEK- EN CHEMIESE PRODUKTE

Soos in Tabel 7.3 gesien kan word, is daar 'n sterk konsentrasie van hierdie nywerheidsgroep in Sasolburg. Die petrochemiese-kompleks in Sasolburg het sy ontstaan te danke aan die vestiging van Sasol 1. Die aanvanklike doelstelling met Sasol 1 was om in Suid-Afrika 'n nywerheid te vestig om gedeeltelik in die land se petroleumbehoefte te voorsien en die land minder kwesbaar en gedeeltelik onafhanklik van buitelandse leweransiers te maak.

Soos Rousseau (1951, p. 211) dit gestel het, is Sasol se hoofdoel om die maksimum hoewelheid petrol en dieselolie teen die laagste moontlike prys te produseer. 'n Groot verskeidenheid ander produkte word egter ook gelewer. Die produkte van Sasol 1 kan in nege hoofkategorieë ingedeel word, naamlik: wasse, wasryke olies, olies (koolwaterstofolies), oplosmiddels, koolteerprodukte, stikstofhoudende produkte, ander chemiese produkte, brandstowwe en diverse produkte (Sasol-Jaarverslag 1970, pp. 1-4).

Sasol 1 se produkte kan in twee verdere kategorieë ingedeel word naamlik:

- (i) Produkte wat deur Sasol 1 in 'n voltooide vorm gelewer word.
- (ii) Produkte wat 'n verdere proses van verwerking moet ondergaan voordat dit vir gebruik beskikbaar is.

Tabel 7.6 is 'n uiteensetting van die produkte wat deur Sasol 1 in 'n voltooide vorm gelewer word asook hul gebruiksmoontlikhede.

VOLTOOIDE PRODUKTE VAN SASOL 1	GEBRUIKSMOONTLIKHEDE
1. WASSE	
Sasolwaks M1 en M2	Kerse, waterdigmaking, impregnering, as rubberwaasvormingsmiddel, in was= mengsels vir juweelgietwerk.
Sasolwaks H1	Smeermiddel vir stykmasjiene, as giet= vormlosmaakmiddel, as rubbersmeer= middel.
Sasolwaks F3	Kerse, impregnering, as rubberwaas= vormingsmiddel, in wasmengsels vir juweelgietwerk, as rubbersmeermiddel.
2. WASRYKE OLIES	
Waksol A	Vir die impregnering van leer, vir waterdigmaking van papier. As gietvormlosmaakmiddel vir beton, vir waterdigmaking van hout en papier.
3. OPLOSMIDDELS	
Propylon	Vir die oppervlakte-behandeling van gholfballe, as skoonmaakmiddel by litografiese prosesse.
Sasetone	As oplosmiddel vir verwe, vernis en as naellakverwyderaars,
Meketone	As oplosmiddel vir verwe, as skoon= maakmiddel vir metaaloppervlaktes.

VOLTOOIDE PRODUKTE
VAN SASOL 1

GEBRUIKSMOONTLIKHEDE

Solumix	As verdunningsmiddel in lak en verwe, as skoonmaakmiddel vir gietvorms in gieterye, as oplosmiddel vir teerverwe.
---------	---

4. KOOLTEERPRODUKTE

Sakresote	As houtverduursamingsmiddel.
Drenkteer	Vir padboudoeleindes.
Vliegas	In vliegasstene, as vulmiddel vir kuns= misstowwe.

5. STIKSTOFHOUDENDE
PRODUKTE

Ammoniumsulfaat	In die leerlooibedryf.
Kalksteenammoniumni- traat	As kunsmisstof.

6. ANDER CHEMIESE
PRODUKTE

Metaan/Etaan	As brandstof
Etileen	By die rypmaak van piesangs.
Stikstof	Vir die skepping van inerte atmosfeer, as snelvriesmiddel, vir metaalgassing, vir vriesbewaring van inseminasiesaad.
Vloeibare suurstof	Vir die onderhouding van verbranding.
Vloeibare argon	In spesiale sweistegnieke, vir metaal= ontgassing.
Vloeibare koolsuurgas	As vriesmiddel, in spesiale sweisteg= nieke.

7. BRANDSTOWWE

Petrol	As voertuigbrandstof.
Vervloeiðepetroleumgas	Vir verhitting en sweistegnieke .
Pyplynbrandgas	Vir verhitting en sweistegnieke.
Vliegbrandstof	As vliegtuigbrandstof

VOLTOOIDE PRODUKTE VAN SASOL 1		GEBRUIKSMOONTLIKHEDE
8. DIVERSE		
Elektrisiteit		Allerlei
Rioolslyk		Bemesting

TABEL 7.6

VOLTOOIDE PRODUKTE VAN SASOL 1 MET GEBRUIKSMOONTLIKHEDE
(SASOL-JAARVERSLAG, 1970, pp. 13-16).

In Hoofstuk 5 is reeds aangetoon dat Sasol 1 se verklaarde beleid om geen produk verder te behandel as wat nodig is om dit bemerkbaar te maak nie (Sasol-Jaarverslag, 1959, p. 6; 1962, p. 2; 1965, p. 3) gelei het tot die vestiging van verskeie ander nywerhede op Sasolburg. Hierdie nywerhede is vir die voorsiening van sekere grondstowwe afhanklik van Sasol 1 en het in die nywerheidsvraelys ook aangedui dat grondstowwe hul oorheersende vestigingsfaktor was. Die vernaamste vestigingsfaktore soos aangedui deur hierdie nywerhede, word in Tabel 7.7 uiteengesit.

NYWERHEDE	REDES VIR VESTIGING			
	GRONDSTOF	INFRASTRUKTUUR	MARK	SKAKELING
A.E. en C.I.	1	2		
Fedmis	1	4	3	2
Karbochem	1	2		
Omnia Kunsmis	1			
Safripol	1			
Tricrete	1	2		

TABEL 7.7

REDES VIR VESTIGING VAN NYWERHEDE IN SASOLBURG - UITGEDRUK
IN VOLGORDE VAN BELANGRIKHEID (NYWERHEIDSVRAELYS, 1980).

Al die nywerhede het grondstowwe as hul vernaamste vestigingsrede aangegee. Die infrastruktuur van die gebied is deur die meerderheid as tweede belangrikste rede vir vestiging aangegee,

terwyl die nabyheid van 'n mark en skakeling as toevallige voordele beskou kan word.

Die afhanklikheid van bogenoemde nywerhede van Sasol 1 word aangedui in Tabel 7.8. In die tabel word 'n uiteensetting gegee van die Sasolprodukte wat deur elk van die nywerhede aangekoop word, die persentasie wat aankope van Sasol 1 van alle grondstofaankope uitmaak en die produkte wat deur hierdie nywerhede geproduseer word.

NYWERHEID	SASOLPRODUKTE AANGEKOOP	SASOLPRODUKTE	PRODUKTE GELEWER DEUR NYWERHEDE
		AS % VAN ALLE GRONDSTOFAANKOPE	
A.E. en C.I.	etaan etileen metaan propaan stikstof stoom	65	polivinielcloried poli-etileen
Fedmis	ammoniumnitraat ammoniumsulfaat kalksteenammoniumnitraat salpetersuur swaar brandolie swael swael-suur watervrye ammoniak	10	kunsmis
Karbochem	amiel-alkohol brandgas butadieen etiel-alkohol propiel-alkohol stikstof stireen stoom swael	75	kunsrubber kunsrubberlatex rubber-chemikalieë alkilaat xantaat
Omnia Kunsmis	ammoniumnitraat ammoniumsulfaat natriumnitraat swaar brandolie	30	kunsmis
Safripol	butieen etileen propileen stikstof stoom waterstof	90	poli-etileen poli-propileen
Tricrete (Vaalstene)	Sasol-as	75	klinker-sementstene betonprodukte

TABEL 7.8

GRONDSTOFAANKOPE VAN SASOL 1 DEUR NYWERHEDE OP SASOLBURG -

Uit die tabel blyk dit dat die nywerhede baie afhanklik van Sasol 1 is vir hul grondstowwe. Die kunsmisvervaardigers (Fedmis en Omnia) is van 'n laer persentasie van hul grondstowwe van Sasol 1 afhanklik aangesien hulle oor eie eenhede beskik vir die vervaardiging van stikstofhoudende grondstowwe.

Uit die voorafgaande twee tabelle (Tabel 7,7 en 7,8) blyk dit dat bogenoemde ses nywerhede as satellietnywerhede van Sasol 1 beskou kan word. Hierdie nywerhede het hoofsaaklik as gevolg van die beskikbare neweprodukte van Sasol 1 op Sasolburg gevestig. Die verklaarde Sasol-beleid was dus daarvoor verantwoordelik dat 'n agglomerasie van petrochemiese nywerhede in Sasolburg ontstaan het. Die agglomerasie is gebou om die gemeenskaplike afhanklikheid van 'n "*moedermaatskappy*" (Sasol 1) wat neweprodukte voorsien uit die omvattende en gespesialiseerde verwerking van steenkool.

Die agglomerasie is nog verder uitgebrei toe die Regering in 1967 besluit het om 'n binnelandse olieraffinadery (Natref) op Sasolburg op te rig. Natref kan nie as 'n satelliet van Sasol 1 beskou word nie, maar Sasol Bemakingsmaatskappy is verantwoordelik vir die bemaking van Natref se produkte.

Met die totstandkoming van Platex in 1974 is daar 'n nuwe dimensie aan die agglomerasie-verskynsel gegee. Hierdie maatskappy is die enigste van die chemiese nywerhede op Sasolburg wat nie van Sasol 1 vir sy grondstofinsette afhanklik is nie. Platex verkry naamlik etileen van A.E. en C.I. vir die vervaardiging van poliëtileensakke. Honderd persent van sy grondstofbenodigdhede word van A.E. en C.I. verkry.

7.4.1 PLAASLIKE BEMARKING VAN CHEMIESE PRODUKTE

Tabel 7.9 gee 'n uiteensetting van die omvang van plaaslike aankope van en verkope aan ander nywerhede in Sasolburg. Die plaaslike verkope aan nie-nywerhede word ook aangetoon.

NYWERHEID	PLAASLIKE AAN =		PLAASLIKE VERKOPE		PLAASLIKE VERKOPE		TOTAAL PLAAS = LIKE VERKOPE
	KOPE VAN ANDER NYWERHEDE	NYWERHEDE	AAN ANDER NY = WERHEDE	NYWERHEDE	(NYWERHEDE UIT = GESLUIT)		
	%		%		%		%
A.E. en C.I.	65		1		0		1
Fedmis	10		4		0		4
Karbochem	75		0		0		0
Omnia	32		0		0		0
Platex	100		90		0		9
Safripol	90		0		0		0
* Sasol 1	0		71		0		71
Tricrete	75		1		2		3

* Sasol-verkope sluit nie brandstof in nie aangesien dit as geklassifiseerde inligting beskou word.

TABEL 7.9

WISSELWERKING TUSSEN NYWERHEDE IN SASOLBURG OP DIE GEBIED VAN MATERIAALAANKOPE - EN VERKOPE - 1980 (NYWERHEIDSVRAELYS, 1980, SASOL-JAARVERSLAG, 1980, P. 2).

Aankope van Sasol 1 deur die satellietnywerhede is hoofsaaklik verantwoordelik vir die hoë persentasie plaaslike aankope van grondstowwe.

Vyf nywerhede bemark van hul produkte plaaslik.

Die belangrikheid van Sasol 1 as 'n vervaardiger van chemiese grondstowwe en as 'n magneetnywerheid word weerspieël deur die 71 persent van sy totale chemiese produksie wat deur die satellietnywerhede aangekoop word.

7.4.2 SKAKELS MET DIE RES VAN DIE VAALDRIEHOEK

7.4.2.1 PRODUKTE-SKAKELS

Aangesien nie alle produkte van die chemiese nywerhede in die res van die Vaaldriehoek bemark word nie en verkope in hierdie gebied soms baie laag is as dit teenoor die totale verkope gemeet word, is hierdie aspek uit die oogpunt van die verbruiker benader. Die omvang van grondstofaankope van Sasolburg se chemiese nywerhede deur die res van die Vaaldriehoek se nywerhede sal 'n beter aanduiding verskaf van die werklike omvang van die skakels wat daar op die terrein van die petrochemiese bedryf in die Vaaldriehoek voorkom.

Tabel 7.10 is 'n uiteensetting van die omvang van grondstofaankope van Sasolburg se petrochemiese nywerhede deur nywerhede van Vereeniging, Meyerton en Vanderbijlpark,

TIPE ONDERNEMING	GRONDSTOF GEKOOP VAN	D O R P E					
		VEREENIGING		MEYERTON		VANDERBIJLPARK	
		AANTAL ONDERNEMINGS	% VAN TOTALE AANKOPE	AANTAL ONDERNEMINGS	% VAN TOTALE AANKOPE	AANTAL ONDERNEMINGS	% VAN TOTALE AANKOPE
Akoestiekprodukte	Sasol	0	0	0	0	1	10
Elektriese kables	Sasol	1	13	0	0	0	0
Gasfabrieke	Sasol	1	15	0	0	1	10
Metaalfabrieke	Sasol	1	2	1	2	1	2
Padoppervlakte - materiaal	Sasol	0	0	0	0	1	60
Plastiekfabrieke	Sasol	1	13	0	0	1	40
P.V.C. en poliëti- leen pype	Safrisol	1	13	0	0	0	0
TOTAAL ONDERNEMINGS		5		1		5	

TABEL 7.10

AANKOPE VAN SASOLBURG SE PETROCHEMIESE NYWERHEDE DEUR NYWERHEDE IN DIE RES VAN DIE
 VAALDRIEHOEK - 1980 (VOLGENS NYWERHEIDSVRAELYS, 1980)

Uit Tabel 7.10 kan die volgende afgelei word:

1. Van die 60 ondernemings uit die res van die Vaaldrie=hoek wat die vraelys beantwoord het, het elf (18,3%) aangedui dat hulle insetskakels met die petrochemiese nywerhede van Sasolburg het.
2. Sasol 1 is die grootste voorsiener van chemiese produkte aan nywerhede in die ander dorpe van die Vaaldriehoek.
3. Sasol 1 se skakels met Vereeniging is die sterkste.
4. Die vervaardigers van padoppervlaktermateriale, plastiekprodukte en die verbruikers van nywerheidsgas het die sterkste skakels met Sasol 1.
5. Ten slotte het slegs twee nywerhede, naamlik 'n vervaardiger van padoppervlaktermateriale en 'n plastieffabriek (albei op Vanderbijlpark), aangedui dat die nabyheid van Sasol 1 die vernaamste rede vir hul vestiging was.

7.4.2.2 ARBEIDSKAKELS VAN DIE PETROCHEMIESE BEDRYF VAN SASOLBURG MET DIE RES VAN DIE VAALDRIEHOEK

Die vloei van werkers na nywerhede is vir Hayes (1976, pp. 37-46) 'n belangrike maatstaf vir die bestaan van 'n verspreide stad. Ook Ginsburg (Hayes, 1976, p. 37) het dit gestel dat die bevolking van 'n verspreide stad dikwels op een plek woon en in 'n ander werk. Werkers in 'n verspreide stad sal dus daag=liks tussen hul woonplek en werkplek ry net soos hulle dit in 'n gewone stad sal doen. In die geval van 'n verspreide stad kan hulle egter in een stedelike sentrum woon en in 'n ander werk.

In Tabel 7.11 word die totale Blanke-, Swart- en gesamentlike indiensnemingsyfers van al die petrochemiese nywerhede van Sasolburg aangedui asook die persentasie van elke groep en die groepe gesamentlik wat van ander dorpe in die Vaaldriehoek afkomstig is.

AANTAL WERKERS		HERKOMS · VAN · WERKERS													
		SASOLBURG					VEREENIGING					VANDERBIJLPARK			SEBOKENG
BLANK	SWART	TOTAAL	BLANK	SWART	TOTAAL	BLANK	SWART	TOTAAL	BLANK	SWART	TOTAAL	BLANK	SWART	TOTAAL	
%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	
760	1 050	1 810	88	80	83,37	2	5	3,70	10	0	4,20	15	8,73		
210	979	1 189	95	100	100	2	0	0	3	0	0	0	0		
375	375	750	100	95	97,47	0	0	0	0	0	0	5	2,53		
608	242	850	95	95	95	0	0	0	5	0	3,56	5	1,44		
50	200	250	95	95	95	0	0	0	5	0	1	5	4		
20	40	60	90	88	88,67	0	0	0	10	0	3,33	12	8		
223	245	468	100	100	100	0	0	0	0	0	0	0	0		
2 926	1 877	4 803	91	98	93,74	1	9	0,61	8	0	4,87	2	0,78		
6	90	96	67	100	97,94	0	0	0	33	2,06	0	0	0		

Uit Tabel 7.10 kan die volgende afgelei word:

1. Die hele arbeidsmag van die petrochemiese bedryf van Sasolburg is afkomstig uit die Vaaldriehoek.
2. Al die dorpe van die Vaaldriehoek, met die uitsondering van Meyerton, lewer werkers vir die petrochemiese bedryf in Sasolburg. Afstand en tussenkomende geleenthede speel waarskynlik 'n belangrike rol in Meyerton se geval.
3. Sasolburg voorsien self die meerderheid Blanke werkers terwyl Zamdela die meerderheid Swart werkers voorsien.
4. Van die oorblywende Blanke werkers voorsien Vanderbijlpark die meerderheid. Sebokeng voorsien die meerderheid van die oorblywende Swart werkers. Swart werkers is ook afkomstig van Sharpeville. Die werkers van Sebokeng en Sharpeville word per bus na Sasolburg vervoer.

7.5 DIE METAALBEDRYF

Uit Hoofstuk 5 blyk dit dat die twee groot basiese yster- en staalnywerhede, Yskor en Usco, 'n belangrike rol gespeel het in die vestiging van verskeie vervaardigers van metaalprodukte. Om hierdie rede is daar besluit om die basiese metaalnywerhede en die vervaardigers van metaalprodukte as 'n eenheid te bespreek.

Om antwoorde te verskaf op die vraag of daar 'n eenheidsband tussen die metaalnywerhede van die Vaaldriehoek bestaan, word daar op drie maniere te werk gegaan, naamlik:

1. Die rol van Yskor as moontlike samebindende faktor word ondersoek.
2. Die onderlinge skakeling tussen die ander metaalnywerhede - oor munisipale grense - word ondersoek.

3. Derdens word die arbeidsfeer van die metaalnywerheid ondersoek.

In Tabel 7.12 word elke afsonderlike metaalnywerheid se persentasie materiaalaankope van Yskor, van ander metaalnywerhede in sy tuisdorp en van metaalnywerhede in die ander dorpe van die Vaaldriehoek aangetoon.

NAAM VAN NYWERHEID	VEREENIGING					TOTAAL VAALDRIE HOEK
	% VAN MATERIAALAANKOPE VAN ANDER NYWERHEDE IN :					
	YSKOR	VEREENIGING	MEYERTON	VAN DER BIJLPARK	SASOLBURG	
African Cables Bpk.	6	0	0	0	13	19
Apex International Valves (Edms.) Bpk.	0	4	2	0	0	6
Falcke Safes and Steel Fabrications	50	15	0	5	0	70
Frank Engineering	70	25	0	5	0	100
Irvine Chapman Steel Erectors (Edms.) Bpk.	0	0	0	0	0	0
McKinnon Chain (Edms.) Bpk.	0	40	0	0	0	40
Power Engineering Works (Edms.) Bpk.	65	20	0	12	0	97
Rockgiant Airdrills (Edms.) Bpk.	0	15	0	0	0	15
R.W. Tools (Edms.) Bpk.	0	12	5	5	0	22
Safim	0	40	0	0	0	40
Scope Precision Engineering (Edms.) Bpk.	63	25	2	10	0	100
Stewarts en Lloyds (SA) Bpk.	0	25	0	0	0	25
Superior Casting Suppliers and Patternmakers	0	2	0	0	0	2
Thomas Mouget en Kie (Edms.) Bpk.	80	10	0	5	0	95
Vereeniging Sheet Metal Kie (Edms.) Bpk.	80	15	0	5	0	100
Usco	0	0	0	0	0	0
MEYERTON						
Bilger Engineering (Edms.) Bpk.	8	10	5	2	2	27
Bright Metals (Edms.) Bpk.	10	10	15	2	0	37
Grip Binders (Edms.) Bpk.	90	0	0	0	0	90
Homecraft Steel Industries (Edms.) Bpk.	50	20	15	6	0	91
Samancor	0	30	0	0	0	30
VANDERBIJLPARK						
Acoustical Products (Edsm.) Bpk.	65	0	0	0	10	75
Acrow Ingenieurs (Edms.) Bpk.	70	5	0	5	1	81
African Detinning Works (Edms.) Bpk.	0	15	0	5	0	20
African Gate Vanderbijlpark (Edms.) Bpk.	0	70	0	30	0	100
Baldwins Hankey (Edms.) Bpk.	70	20	0	2	0	92
Davsteel (Edms.) Bpk.	80	5	0	5	0	90
Dorman Long (Vanderbijl) Korp. Bpk.	30	2	0	2	0	34
Elca Engineering Kie. (Edms.) Bpk.	25	30	0	15	1	71
Metal Box SA Bpk.	0	0	0	2	0	2
Netting Manufacturing Kie. (Edms.) Bpk.	0	3	0	27	0	30
Pelican Steel Pipes (Edms.) Bpk.	84	0	0	8	0	92
Petrochem Conctruction Engineering (Edms.) Bpk.	5	15	0	45	5	70
Pevalgon (Edms.) Bpk.	0	1	0	99	0	100
S.A. Linde Chemiese Ingenieurswerk en Vervaardiging (Edms.) Bpk.	70	14	0	2	0	86
Stervyn Engineering (Edms.) Bpk.	50	20	0	5	0	75
Van der Heever en Labuschagne Engineering	30	10	2	4	0	46
Van Leer S.A. (Edms.) Bpk.	85	5	0	5	0	95
Vantin (Edms.) Bpk.	80	3	0	7	0	90
VIKOR	0	6	0	2	0	8
Wire Industries Bpk.	0	10	0	50	2	60

SASOLBURG

NAAM VAN NYWERHEID	% VAN MATERIAALAANKOPE VAN ANDER NYWERHEDE IN :					TOTAAL VAALDRIEHOEK
	YSKOR	VEREENIGING	MEYERTON	VANDERBIJLPARK	SASOLBURG	
Oil Precision Engineering (Edms)						
Bpk.	20	5	0	65	0	90
Perma Constructors	25	5	0	70	0	100

TABEL 7.12

PERSENTASIE MATERIAALAANKOPE VAN METAALNYWERHEDE IN DIE VAALDRIEHOEK - 1980
(VOLGENS NYWERHEIDSVRAELYS, 1980)

Uit Tabel 7.12 kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

1. Die metaalnywerhede van Vereeniging, Vanderbijlpark en Meyerton toon 'n sterk afhanklikheid van Yskor. Sasolburg wat slegs kleiner diensnywerhede van hierdie aard het, toon 'n geringer afhanklikheid.
2. Die kleiner nywerhede toon oor die algemeen sterker bande met Yskor.
3. Vereeniging se metaalnywerhede het hul grootste materiaal=skakels met Yskor en met plaaslike nywerhede - hoewel daar ook skakel met die ander dorpe is.
4. Meyerton se metaalnywerhede het hul grootste materiaal=skakels met Yskor. Aankope van Vereeniging se nywerhede oortref dié van plaaslike nywerhede. Aankope van nywerhede van Vanderbijlpark en Sasolburg is gering. Die meerderheid van die nywerhede het die grootste persentasie van hul materiaal=aankope in die Vaaldriehoek.
5. Vanderbijlpark se metaalnywerhede toon sterk bande met Yskor. Naas Yskor is die sterkste skakels met ander nywerhede in Vanderbijlpark en Vereeniging. Die meerderheid van die nywerhede het die grootste persentasie van hul materiaal=aankope in die Vaaldriehoek.
6. Sasolburg het geen groot metaalnywerhede nie, maar alleenlik nege diensnywerhede. Daar bestaan skakels met Yskor, maar die grootste persentasie van die res van die materiaal=aankope is van ander nywerhede in Vanderbijlpark.

Daar word vervolgens ook gekyk na die persentasie van verkope in die Vaaldriehoek. Tabel 7.13 is 'n uiteensetting van die metaalnywerhede in elke dorp wat op die vraelys gereageer het, hul produkte en die persentasie van hulle totale verkope in die ander dorpe van die Vaaldriehoek.

VEREENIGING						
NAAM VAN NYWERHEID	PRODUKTE	% VAN PRODUKTE VERKOOP IN:				TOTAAL VIR VAALDRIEHOEK %
		VEREENIGING	MEYERTON	VAN DER BIJLPARK	SASOLBURG	
African Cables Bpk.	Elektriese krag= kabels	+ 1	+ 1	+ 1	+ 1	+ 4
Apex International Valves	Kleppe	8	0	7	15	30
Falcke Safes and Steel Fabrications	Geweerbrandkaste	5	1	2	1	9
Franks Engineering	Gereedskap en Matrysmakers	10	2	5	0	17
Irvine Chapman (Dorbyl Edms. Bpk.)	Strukturele staal	0	0	0	0	0
McKinnon Chain (Edms) Bpk.	Kettings	3	0	2	2	7
Power Engineering Works (Edms.) Bpk.	Ingenieurswerke en sleepwaens	25	2	5	0	32
Rockgiant Airdrills (Edms.) Bpk.	Waterboormasjiene	0	0	0	0	0
R.W. Tools (Edms.) Bpk.	Handgereedskap	2	0	1	0	3
Safim	Landbougereedskap	0	0	0	0	0
Scope Precision Engi- neering (Edms.) Bpk.	Ingenieurswerke	80	10	10	0	100
Stewarts en Lloyds (van SA) Bpk.	Naatlose staalbuisse	5	1	3	2	11
Superior Casting Sup- pliers and Patternmakers	Gegote yster en matrysmakers	5	5	5	5	20
Thomas Mouget en Kie. (Edms.) Bpk.	Ingenieurswerke	90	2	7	0	99
Vereeniging Sheet Metal Kie. (Edms.) Bpk.	Plaatmetaalwerke	70	5	10	2	87
Usco	Staalprodukte	6	0	0,03	0	6,03
MEYERTON						
Bilger Engineering (Edms.) Bpk.	Ingenieurswerke	0	0	0	0	0
Bright Metals (Edms.) Bpk.	Bright-staal	6	0	2	0	8
Grip Binders (Edms.) Bpk.	Metaalhouers vir kabinette	5	0	2	0	7
Homecraft Steen In- dustries (Edms.) Bpk.	Geutplanke en gordyn- kappe	20	65	10	0	95
Samancor	Ferro-allooie Di-kalsiumfosfaat	6	0	2	0	8

VANDERBIJLPARK

NAAM VAN NYWERHEID	PRODUKTE	% VAN PRODUKTE VERKOOP IN:				TOTAAL VIR VAALDRIEHOE %
		VEREENIGING	MEYERTON	VANDERBIJLPARK	SASOLBURG	
Acoustical Products (Edms.) Bpk.	Akoestiese produkte	15	0	5	0	20
Acrow Ingenieurs (Edms.) Bpk.	Staalstellasies	5	2	5	2	14
African Detinning Works (Edms.) Bpk.	Chroom van metale	15	0	5	0	20
African Gate (Vanderbijlpark) (Edms.) Bpk.	Draad, hekke draadtoue	2	1	1	1	5
Baldwins Hankey (Edms.) Bpk.	Holware	40	0	10	0	50
Davsteel (Edms.) Bpk.	Metaalprodukte en masjiene	10	2	20	5	37
Dorman Long (Vanderbijl) Korp. Bpk.	Boustaal en swaar metaalprodukte	5	2	5	10	22
Elca Engineering Kie. (Edms.) Bpk.	Meganiese ingenieurswerke	15	0	68	2	85
Metal Box SA. Bpk.	Blikke, metaalhouers en watertenks	15	0	35	0	0,5
Netting Manufacturing Kie. (Edms.) Bpk.	Draad, hekke en draadtoue	2	0	2	0	4
Pelican Steel Pipes (Edms.) Bpk.	Staalpype en buise	5	1	5	3	14
Petrochem Construction Engineering (Edms.) Bpk.	Elektriese Ingenieurswerke	5	0	10	50	65
Pevalgon (Edms.) Bpk.	Plaatmetaalwerke	10	0	90	0	100
SA Linde (Edms.) Bpk.	Chemiese Ingenieursprodukte	10	0	5	50	65
Stervyn Engineering (Edms.) Bpk.	Swaar metaalprodukte	10	0	70	20	100
Van der Heever en Labuschagne Engineering	Swaar metaalprodukte	10	0	50	5	65
Van Leer SA. (Edms.) Bpk.	Metaalhouers	5	2	6	2	15
Vantin (Edms.) Bpk.	Metaalprodukte en herstelwerk	10	0	50	0	60
VIKOR	Swaar masjinerie	25	1	5	5	36
Wire Industries Bpk.	Draad, hekke en draadtoue	5	0	5	0	10
SASOLBURG						
Oil Precision Engineering (Edms.) Bpk.	Ingenieurswerke	0	0	2	70	72
Perma Constructors	Ingenieurswerke	0	0	0	70	70

TABEL 7.13

PERSENTASIE VAN METAALPRODUKTE WAT VERKOOP WORD IN DIE VAALDRIEHOEK - 1980
(VOLGENS NYWERHEIDSVRAELYS, 1980)

Dit is hoofsaaklik diensnywerhede soos sommige ingenieurswerke wat hul produkte in al vier dorpe van die Vaaldriehoek verkoop.

Dit blyk dat die metaalnywerhede wat die hele Vaaldriehoek bedien, geleë is in Vereeniging en Vanderbijlpark - waar die grootste konsentrasie van die metaalbedryf voorkom.

Groter nywerhede het hoofsaaklik hul afsetgebiede buite die Vaaldriehoek. Verskeie van hierdie nywerhede het aangetoon dat hul grootste afsetgebied die Witwatersrand/Pretoria-gebied is.

As Tabelle 7.12 en 7.13 vergelyk word, blyk dit dat die metaal=nywerhede in 'n groter mate van bronne binne die Vaaldriehoek afhanklik is vir hul materiaal aankope as wat hulle van plaaslike markte afhanklik is. Die metaalnywerhede is dus in 'n groot mate grondstofgeoriënteerd. Hierdie bewering word ook gestaaf deur die resultate van die nywerheidsvraelys. In Tabel 7.14 word die vernaamste vestigingsfaktore van die metaalnywerhede aangetoon.

HOOFREDE VIR VESTIGING VAN NYWERHEID	GETAL
Aanbeveling deur ander nywerheid	1
Aanmoediging deur plaaslike owerheid	2
Beskikbaarheid van arbeid	2
Beskikbaarheid van nywerheidsgrond	8
Infrastruktuur (water, elektrisiteit, vervoer)	4
Nabyheid van afsetgebied	3
Nabyheid van grondstof	16
Persoonlike oorwegings	3
Skakeling met ander firmas	2
Ander	2

TABEL 7.14

HOOFREDES VIR VESTIGING VAN METAALNYWERHEDE IN DIE VAAL=DRIEHOEK (VOLGENS NYWERHEIDSVRAELYS, 1980)

In Tabel 7.14 kan gesien word dat die nabyheid van 'n grondstof-bron en die beskikbaarheid van nywerheidsgrond die vernaamste redes was vir die vestiging van die metaalnywerhede in die gebied. Die nabyheid van 'n plaaslike afsetgebied het nie 'n oorwegende rol gespeel nie. Hierdie resultate stem dus in 'n groot mate ooreen met dié van Tabele 7.12 en 7.13.

7.5.1 DIE ARBEIDSFEER VAN DIE METAALNYWERHEID IN DIE VAALDRIEHOEK

In Tabel 7.15 word die totale Blanke-, Swart- en gesamentlike indiensnemingsyfers van die metaalnywerhede wat die vraelys voltooi het, aangetoon, asook die persentasie van die werkers wat van elke dorp in die Vaaldriehoek afkomstig is.

DORP	AANTAL WERKERS	HERKOMS VAN WERKERS																						
		VEREENIGING						MEYERTON			VANDERBIJLPARK			SASOLBURG			SEBOKENG			ELDERS				
		BLANK	SWART	TOTAAL	B	S	T	B	S	T	B	S	T	B	S	T	B	S	T	B	S	T		
					%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%
Vereeniging	5 148	8 929	14 077	90,51	16,81	44,47	2,84	0	1,04	4,62	0,57	2,05	1,18	0	0,43	82,62	51,7	0,85	0,31					
Meyerton	412	973	1 385	26,7	17,99	20,58	61,17	0	18,19	4,61	0	1,37	1,21	0	0,36	82,01	57,62	6,31	1,88					
Vanderbijlpark	12 430	17 442	29 872	9,13	6,20	7,42	0,14	0	0,06	85,79	24,12	49,9	4,83	0	2,01	69,48	40,30	0,11	,04					
Sasolburg	14	78	92	0	0	0	0	0	0	7,14	0	1,09	92,85	79,48	81,52	20,52	17,39	0	0					

TABEL 7.15

HERKOMS VAN DIE WERKERS VAN DIE METAALBEDRYF IN DIE VAALDRIOEK - 1980
(VOLGENS NYWERHEIDSVRAETYS, 1980)

1. Met 'n geringe uitsondering is al die werkers van die metaalbedryf uit die Vaaldriehoek afkomstig.
2. Die gespesialiseerde metaalbedrywe van Vereeniging, Vanderbijlpark en Meyerton verkry hul werkers uit die hele Vaaldriehoek.
3. Sasolburg se beperkte metaalbedryf- wat hoofsaaklik in eie behoeftes voorsien - verkry die meeste van sy werkers plaaslik en van Sebokeng.
4. Sebokeng lewer die meerderheid van Vereeniging, Meyer=ton en Vanderbijlpark se Swart werkers, asook 'n redelike groot persentasie van Sasolburg se Swart werkers.

7.6 DIE KLEINYWERHEID

Die aanwesigheid van klei in die munisipale gebiede van Vereeniging en Meyerton het aanleiding gegee tot een van die mees gekonsentreerde Klei- en Steenindustrieë in Suid-Afrika.

Aangesien daar reeds in Hoofstuk 5 volledig verwys is na klei-ontginning, sal hier aandag geskenk word aan die verwerkings-aspek.

Aanvanklik is die klei veral gebruik vir die maak van stene, 'n bedryf wat vandag nog baie van die klei gebruik, maar later is dit veral gebruik as 'n vuurvaste materiaal in die yster- en staalnywerheid, asook vir die vervaardiging van erdeware.

Die kleinywerhede van die Vaaldriehoek is in Vereeniging en Meyerton gekonsentreer.

Vereeniging Refractories (Edms.) Bpk. (voorheen Vereeniging Brick and Tile Mpy. Bpk.) is die oudste en grootste kleinywerheid in die Vaaldriehoek. Hierdie maatskappy besit twee fabriekke in Vereeniging se munisipale gebied, naamlik die Houtkopwerke wat hoofsaaklik bakstene (veral sierstene) lewer en die Vereeniging=werke. Laasgenoemde lewer 'n groot verskeidenheid produkte

onder andere vuurwaste bakstene, silika (kiesel), magnesiet, suurvaste stene, andalusiet, chroom, boustene, dakpanne, geglasuurde erdepype, riooltoebehore en ander vuurvaste stowwe (Vereeniging Refractories (Edms.) Bpk., 1980).

Omdat verskeie van bogenoemde produkte noodsaaklik is by die produksie van yster en staal, werk hierdie nywerheid aanvullend en ondersteunend in op die swaarnywerhede van die Vaaldriehoek. Hierdie bewering kan gestaaf word deur die persentasies van die maatskappy se totale produksie wat aan ander nywerhede in die Vaaldriehoek verkoop word (sien Tabel 7.16).

VEREENIGING	MEYERTON	VANDERBIJLPARK	SASOLBURG
%	%	%	%
7,3	1,3	20,0	0,3

TABEL 7.16

PERSENTASIE VERKOPE VAN VEREENIGING REFRACTORIES AAN ANDER NYWERHEDE IN DIE DORPE VAN DIE VAALDRIEHOEK - 1980
(VEREENIGING REFRACTORIES, 1980).

Van die materiaalinsette vir die vervaardiging van 'n wye reeks van produkte, word ses persent van Vereeniging en vier persent van Vanderbijlpark verkry. Die res van die erts kom onder andere van Albertinia in die Kaapprovinsie en van Zimbabwe. Anders as wat verwag sou word, is die maatskappy dus nie baie afhanklik van plaaslike kleiafsettings nie.

Vitro Clay Pipes (Edms.) Bpk. maak gebruik van skalie uit die Munisipale gebied van Vereeniging vir die vervaardiging van rioolpype.

In Meyerton is daar drie groterige kleinywerhede geleë, naamlik: (1) Vaal Potteries (Edms.) Bpk. wat sanitêre ware, erdewerk en laboratorium- en hospitaaltoerusting vervaardig (Vaal Potteries, 1980); (2) Pilkington Tiles (Edms.) Bpk. wat geglasuurde teëls vervaardig (Pilkington Tiles, 1980) en (3) Vetrified Ceramics wat vloerteëls vervaardig (Vetrified Ceramics, 1980).

Pilkington Tiles en Vetrified Ceramics verkry die grootste gedeelte van hul grondstowwe uit die Vereeniging distrik, maar Vaal Potteries maak glad nie van plaaslike klei gebruik nie. Laasgenoemde maatskappy verkry tien persent van sy materiaalinsette uit die buiteland, 50 persent van Grahamstad en 40 persent van die Witwatersrand (Vaal Potteries, 1980).

In Tabel 7.17 word die omvang van die kleinywerhede se verkope in die Vaaldriehoek aangetoon.

In Tabel 7.17 kan gesien word dat al bogenoemde kleinywerhede hul produkte in al die dorpe van die Vaaldriehoek verkoop. In die geval van Vereeniging Refractories en Vetrified Ceramics, is die verkope in Vereeniging en Vanderbijlpark van redelike groot omvang. Al hierdie nywerhede het aangetoon dat die Witwatersrand/Pretoria-gebied hul grootste afsetgebied is. Vaal Potteries het ook 'n groot uitvoermark.

DORP	NYWERHEID	% VAN VERKOPE IN:				
		VEREENIGING	MEYERTON	VANDERBIJLPARK	SASOLBURG	TOTAAL
Meyerton	Pilkington Tiles (Edms.) Bpk.	5	2	5	2	14
Meyerton	Vaal Potteries (Edms.) Bpk.	10,05	,05	,05	,05	10,2
Vereeniging	Vereeniging Refractories (Edms.) Bpk.	7,3	1,3	20,0	0,3	28,9
Meyerton	Vetrified Ceramics (Edms.) Bpk.	10	3	6	2	21
Vereeniging	Vitro Clay Pipes (Edms.) Bpk.	5	1,5	5	2,5	14

TABEL 7.17

PERSENTASIE VERKOPE VAN DIE KLEINYWERHEDE IN DIE VAALDRIEHOEK
(VOLGENS NYWERHEIDSVRAELYS, 1980)

In Tabel 7.18 word 'n uiteensetting gegee van die totale aantal werkers van die kleinywerhede asook die persentasies van die werkers wat afkomstig is van al die dorpe van die Vaaldriehoek.

Uit Tabel 7.18 blyk dit dat al die werkers van die kleinywerhede afkomstig is van dorpe binne die Vaaldriehoek. Vereeniging (Sharpeville ingeslote), Sebokeng en Meyerton lewer die meeste werkers.

DORP	NYWERHEID	TOTALE AANTAL WERKERS	% VAN WERKERS AFKOMSTIG VAN:							TOTAAL %
			VEREENIGING	SHARPEVILLE	MEYERTON	VANDER- BIJLPARK	BOPHELOONG EN BOIPATONG	SASOLBURG	SEBOKENG	
Meyerton	Pilkington Tiles (Edms.) Bpk.	190	7,89	14,74	18,42	0	0	0	58,95	100
Meyerton	Vaal Potteries (Edms.) Bpk.	650	3,07	4,31	12,31	0	0	0	80,31	100
Vereeniging	Vereeniging Refrac- tories (Edms.) Bpk.	2 260	20,58	15,48	0	7,74	0	2,26	53,94	100
Meyerton	Vetrified Ceramics (Edms.) Bpk.	46	2,17	28,26	4,35	0	0	0	65,22	100
Vereeniging	Vitro Clay Pipes (Edms.) Bpk.	765	6,93	16,99	0	4,71	7,19	0	64,18	100

TABEL 7.18

HERKOMS VAN DIE WERKERS VAN DIE KLEINYWERHEDE IN DIE VAALDRIEHOEK - 1980
(VOLGENS NYWERHEIDSVRAELYS, 1980)

7.7 ANDER NYWERHEDE

Afgesien van die drie hoofnywerheidsgroepe bestaan daar ook nog 'n paar diverse nywerheidsgroepe wat van belang is vir die ondersoek.

7.7.1 DIE VOEDSELNYWERHEID

Ses voedselvervaardigers het op die vraelys gereageer. In Tabel 7.19 word die persentasie van verkope van hierdie nywerhede in die dorpe van die Vaaldriehoek aangetoon.

DORP	NYWERHEDE	PRODUKTE	% VAN VERKOPE IN:					TOTAAL VAALDRIE = HOEK %
			VEREENIGING	MEYERTON	VANDER= BIJLPARK	SASOLBURG	SEBOKENG	
Vereeniging	Epel (Edms) Bpk.	Dierevoedsel	5	1	5	1	0	12
Vanderbijlpark	Vaal Bottlers (Edms) Bpk.	Mineraalwater	35	10	40	10	5	100
Vereeniging	Vereeniging Meat In= dustries (Edms) Bpk.	Vleis	45	0	55	0	0	100
Vereeniging	Vereeniging Steam Bakery	Brood en allerlei gebak	32	9	45	11	3	100
Vanderbijlpark	Vital Meat Products	Vleis en preservering van vleis	20	6	50	15	9	100
Vanderbijlpark	Willies Confectionary	Brood, koek, pasteie	10	1	74	5	10	100

TABEL 7.19

PERSENTASIE VAN VERKOPE VAN VOEDSELNYWERHEID IN DIE VAALDRIEHOEK - 1980
(VOLGENS NYWERHEIDSVRAELYS, 1980).

Vyf van die voedselnywerhede het al hul verkope in die Vaaldrie=hoek. Vier van bogenoemde vyf nywerhede het verkope in al die dorpe van die gebied.

Epol (Edms.) Bpk. verkoop 'n klein persentasie van sy produkte in die dorpe van die Vaaldriehoek. Hierdie maatskappy het in die vraelys aangedui dat 55 persent van sy produkte binne 'n 80 kilometer radius van sy fabriek in Vereeniging bemark word.

Die rol wat die voedselnywerhede speel, word verder ontleed deur te kyk na die herkoms van hul werkers (Tabel 7.20)

Uit Tabel 7.20 blyk dit dat feitlik al die werkers van die voedselnywerhede van die Vaaldriehoek afkomstig is. Drie van die nywerhede verkry hul werkers van vier dorpe in die Vaaldrie=hoek, twee verkry hul werkers van drie dorpe en een verkry sy werkers van twee dorpe.

Bogenoemde nywerhede is in Vereeniging en Vanderbijlpark geleë en verkry die meerderheid van hul werkers van hierdie dorpe en van Sebokeng. Daar is min werkers afkomstig van Meyerton en Sasolburg.

DORP	NYWERHEID	TOTAAL WERKERS	% HERKOMS VAN WERKERS					TOTAAL VAALDRIE = HOEK	
			VEREENIG- ING	MEYERTON	VANDER- BIJLPARK	SASOLBURG	SEBOKENG	ANDER	
Vereeniging	Epol (Edms) Bpk.	420	38,33	0,95	3,57	0	56,67	0,48	99,52
Vanderbijlpark	Vaal Bottlers (Edms) Bpk.	146	8,22	0	35,62	1,37	54,79	0	100
Vereeniging	Vereeniging Meat Industries (Edms) Bpk.	24	68,75	0	0	0	31,25	0	100
Vereeniging	Vereeniging Steam Bakery	135	20,00	0	5,93	0,74	72,59	0,74	99,26
Vanderbijlpark	Vital Meat Products	49	8,16	0	44,90	0	46,94	0	100
Vanderbijlpark	Willies Confectionary	29	17,24	0	34,48	0	48,28	0	100

TABEL 7.20

HERKOMS VAN DIE WERKERS VAN DIE VOEDSELNYWERHEDE IN DIE VAALDRIEHOEK - 1980
(VOLGENS NYWERHEIDSVRAELYS, 1980)

7.7.2

DIE GASNYWERHEID

Die Suid-Afrikaanse Gasdistribusiekorporasie Beperk (Gaskor) is gestig in 1964 om die verspreiding van Sasolgas aan die Vaaldriehoek en die Witwatersrand te behartig. Sasol 1 en die Nywerheidsontwikkelingskorporasie besit elk 50 persent van die aandele in Gaskor (Sasol-Jaarverslag, 1965, p. 4). In 1968 is 'n gaspypleiding tussen die gaswerke en die Oosrand in gebruik geneem (Sasol Jaarverslag, 1968, p. 4). Van hierdie pyplyn word Vanderbijlpark, Yskor, die Powerville- en Duncanville-nywerheidsgebiede van Vereeniging en Meyerton voorsien van gas (Schmitt, 1979, p. 96).

African Oxygen (Edms) Bpk, met takke in Vanderbijlpark en Vereeniging, voorsien suurstof aan 'n groot aantal nywerhede in Vereeniging (35% van totaal), Vanderbijlpark (30% van totaal) en Meyerton (10% van totaal) (Nywerheidsvraelys, 1980). Hierdie maatskappy het ook skakels met Sasolburg deurdat 10 persent van sy materiaalinsette van Sasol 1 verkry word.

Air Products (Edms) Bpk, in Vanderbijlpark, vervaardig nywerheidsgasse en mediese gasse. Hierdie maatskappy het 'n groot afset in die Vaaldriehoek aangesien 40 persent van sy produksie in Vereeniging, 25 persent in Vanderbijlpark, 5 persent in Sasolburg en 5 persent in Meyerton verkoop word.

Uit die voorafgaande blyk dit dat die gasnywerheid 'n groot afset vind in die nywerhede van die Vaaldriehoek. Die gasnywerheid vorm dus 'n belangrike onderdeel van die vervaardigingsektor van die hele Vaaldriehoek.

7.7.3

DIE PLASTIEKNYWERHEID

Duropenta (Edms) Bpk wat in Vereeniging geleë is, vervaardig PVC-en Poliëtileen-pype wat vir behuising, besproeiing en die mynbou gebruik word. Die produkte van hierdie maatskappy word landwyd versprei en die bestuurder kon nie 'n opgawe verstrek van die verkope in die Vaaldriehoek nie. Die Maatskappy verkry wel 7 000 metrieke ton of 13 persent van sy jaarlikse materiaalinsette van Safripol in Sasolburg.

Resinite (SA) (Edms.) Bpk.wat in Vanderbijlpark geleë is, vervaardig plastiese verpakkingsmateriaal. Hierdie maatskappy het sterk skakels met nywerhede in Vereeniging en met Sasol 1-aangesien onderskeidelik 30 persent en 40 persent van sy materiaalinsette van bogenoemde bronne afkomstig is (Nywerheidsvraelys, 1980). Hierdie maatskappy se verkope is egter hoofsaaklik aan die Witwatersrand/Pretoria-gebied.

Die plastieknywerheid het dus insetskakels met veral Sasolburg se petrochemiese nywerhede (vgl. Tabel 7.9), maar ook met nywerhede in Vereeniging.

7.7.4 AKOESTIESE PRODUKTE

Acoustical Products (Edms.) Bpk.wat in Vanderbijlpark geleë is, vervaardig akoestiekplafonne. Hierdie maatskappy het insetskakels met sowel Yskor as Sasol 1 aangesien onderskeidelik 65 persent en tien persent van sy materiaal aankope van hierdie twee nywerhede is. Van Yskor word 'n afvalproduk, metaalskuim, verkry. Dertig persent van die maatskappy se verkope is in Vereeniging.

7.7.5 SEMENTPRODUKTE

Slagment Bpk.wat in Vanderbijlpark geleë is, vervaardig uit die metaalskuim van Yskor, sement wat in die boubedryf gebruik word. Hierdie maatskappy het die hele Vaaldriehoek as sy afsetgebied soos blyk uit sy verkope in Vereeniging (25%), Meyerton (5%), Vanderbijlpark (30%) en Sasolburg (5%) (Nywerheidsvraelys, 1980).

7.8 DIE NYWERHEIDSWESE VAN DIE VAALDRIEHOEK - SAMEVATTING

Soos blyk uit die oppervlakte wat deur nywerheidsgebiede beslaan word en die groot getalle werkers van al die dorpe wat by die nywerhede betrokke is, word die Vaaldriehoek as geheel gekenmerk deur 'n besonder sterk nywerheids-georiënteerdheid.

Die Vaaldriehoek word as geheel gekenmerk deur 'n groot nywerheidspotensiaal ten opsigte van kragbronne, primêre bedrywe, bepaalde grondstowwe, afsetgebiede en nywerheidsgrond.

Daar bestaan veral twee dominante nywerheidssektore, naamlik die metaalbedryf en die petrochemiese bedryf.

Die metaalbedryf oefen 'n belangrike invloed uit op die ekonomiese lewe en werkverskaffing in Vereeniging, Meyerton en Vanderbijlpark, terwyl dit Sebokeng op die gebied van werkverskaffing ten nouste betrek. Afhanklikheid van Yskor dien as eenheidsband wat 'n groot getal metaalnywerhede in Vereeniging, Meyerton en Vanderbijlpark saambind. Sasolburg met sy beperkte metaalbedryf is in 'n mindere mate by hierdie eenheid betrek. Onderlinge afhanklikheid tussen metaalnywerhede binne een dorp en oor munisipale grense, lewer 'n verdere bydrae om die agglomerasie van metaalnywerhede in die Vaaldriehoek te versterk.

Afhanklikheid van Sasol 1 vir die voorsiening van neweprodukte vir verdere verwerking is 'n eienskap wat die chemiese nywerhede van Sasolburg asook 'n aantal chemiese en ander nywerhede in Vereeniging, Meyerton en Vanderbijlpark deel. Naas die metaalbedryf lewer die petrochemiese bedryf die vernaamste bydrae tot die ekonomiese lewe en werkverskaffing in die vervaardigingsektor van die Vaaldriehoek.

Vier van die kleinywerhede maak gebruik van grondstof wat in die landdrostdistrikte van Vereeniging en Vanderbijlpark ontgin word. Al die kleinywerhede het verkope in die Vaaldriehoek alhoewel dit nie hul enigste afsetgebied is nie. Die grootste van hierdie nywerhede, naamlik Vereeniging Refractories (Edms.) Bpk., is ten nouste ingeskakel by die metaalbedryf en petrochemiese bedryf in die gebied.

Verskeie groot voedselvervaardigers lewer 'n diens aan die Vaaldriehoek as geheel.

Die gasnywerheid is ten nouste ingeskakel by die metaalbedryf in die Vaaldriehoek.

Die feit dat die Vaaldriehoek as geheel as arbeidsbron vir die vervaardigingsektor dien, versterk die eenheidsband tussen die dorpe.

HOOFSTUK 8

DIE DIENSTEKOMPONENT

8.1 INLEIDING

Die volgende dienste word in hierdie hoofstuk behandel:

1. Handel
2. Busdienste
3. Koerante
4. Onderwys

Owerheidsdienste word in 'n afsonderlike hoofstuk bespreek.

8.2 HANDEL

8.2.1. DIE HANDELSTRUKTUUR VAN DIE VAALDRIEHOEK

In elkeen van die dorpe van die Vaaldriehoek kan 'n bepaalde rangorde van handelskonsentrasies waargeneem word. In Vereeniging kan vier kategorieë van die rangordeleer van Berry (1963, pp 112-116) waargeneem word, naamlik:

1. 'n Sentrale sakegebied wat 70 persent van die dorp se 1 122 handelondernemings huisves.
2. Twee gemeenskapsentrums, naamlik die Checkers-Multi-mark in Arconpark en die Pick N Pay-Hipermark in Bedworthpark.
3. Woonbuurtsentrums en winkelkonsentrasies in Drieriviere, Risiville, Duncanville, Steelpark en Vereeniging Uitbreiding 1.
4. Hoekwinkels wat verspreid in die woonbuurte en klein-
hoevegebiede voorkom.